

50

M.E.E. AS SKRYFSTER.

H.P. JORDAAN

The University of Cape Town

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad M.A. in Nederlands en Afrikaans aan die UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD.

1949.

The copyright of this thesis is held by the University of Cape Town.  
Reproduction of the whole or any part may be made for study purposes only, and not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

INHOUDSOPGAWE.

<u>Hoofstuk.</u>	<u>bls.</u>
1. Vorming en Lewensbesonderhede	1
2. M.E.R. se Kunsopvattinge en Ideale	11
3. M.E.R. se Werk	20
(a) Vertellings	
(1) Omweershoogte	20
(ii) Drie Vertellings	25
(iii) Die Hol Krans	32
(b) Romans	
(1) Na Vaste Gange	34
(ii) Die Eindelose Waagstuk	39
(c) Essays	
(i) Uit en Tuis	43
(d) Studies	
(1) Oorlogsdagboek	46
(ii) Die Moeder en Dogter van die Arm Gesin	47
(e) Kinderverhale	49
4. Die "Hoofdrang" in M.E.R. se Werk	52
5. Styl en Taal	60
6. Plaasbepaling	66
Bronnelys .....	71
Lys van Afkortings ...	74

-----

## HOOFSTUK 1.

### Vorming en Lewensbesonderhede.

Om die aard en betekenis van M.E.R. se kuns ten volle te begryp, is dit veral nodig om dit binne die Afrikaanse volk te sien, binne bepaalde jare van ons volkswording, en selfs binne 'n besondere streek van ons land en as die werk van 'n besonder mens. Dan eers kan mens werklik deurdring tot die denk- en gevoelswêreld waaruit hierdie kuns ontstaan het. Die beste regstreekse inligting oor haar lewe en die sfeer wat haar lewens aard in so 'n hoë mate bepaal het, verskaf M.E.R. se inleidende opstel tot Oorlogsdagboek, maar ons vind ook in haar joernalistieke werk én eifens vermom in sommige vertellings - veral "Kato; en Martjie" - die waardevolle besonderhede omtrent haar omgewing, opvoeding en lewensloop, wat die volkome begrip van haar karakteristieke kuns so oneindig vergemaklik.

Swellendam, die geboortedorp van M.E.R., lê aan weerskante van die Breërivier, wat met sy bruin bergwater deur die lengte van die dorp loop, en aan die voet van die Langeberge - die eerste trap opwaarts en land-in van die Suidkus af. Ag-en-twintig jaar na die stigting van hierdie Hollandse dorp (1746), wat as die sewende distrik in Kaapland so op sy enigheid ontwikkel het, het die Duitse oorgrootjie van Mimie Rothmann hom reeds as boer daar kom vestig. In die woeste omgewing waar bendes Hottentotte nog rondgeswerf het, het die eerste Rothmann wortel geskiet en 'n bestendige Bolander geword. Sy nakomelinge het nie soos "die lotwisselende en teenstandbestrydende Ondervelders" van plek tot plek bly rondtrek nie, maar op hul geboortedorp as wamskers en smidswerkers begin presteer en deur hul bruikbaarheid en bestendigheid tot vooraanstaande burgers ontwikkel. Die belangrike rol wat ambagsmanne destyds in die samelewing gespeel het, is moontlik gemaak deur die maatskaplike en ekonomiese toestande van daardie dae; die gemengde boerderye wat gereelde togryery met gelaalde waens na die Onderveld veroorsaak het, en die groot moontlikhede wat vir deeglike handwerkers oopgelê

het as gevolg van die baie beperkte invoer van oorsese goedere.<sup>2</sup>

Toe Marie Elizabeth Rothmann op 28 Augustus 1875<sup>3</sup> in die "Onderstraat" op Swellendam gebore is, het daar reeds 'n einde aan hierdie voorspoed gekom. Haar haar vader "Cort Politiek" - 'n intelligente en oordeelkundige man - slegs tien jaar tevore 'n goeie leeftog uit sy wamakery en smedery kon maak, is sy lewensbestaan deur veranderde ekonomiese toestande geheel en al ondermyn.<sup>4</sup> Van haar vroegste jare is M.E.R. dus in 'n moeilike lewenstryd gewikkel, 'n stryd wat vererger is toe haar vader op 42-jarige leeftyd (1876) aan maagkoors oorlede is;<sup>5</sup> Mimie was toe slegs een jaar oud. Die Rothmann-gesin moes toe maar die tande opmekaar byt en met die hulp van 'n dapper moeder deurworstel. Soos tant Kato in Drie Vertellings het sy met 'n "dapper onoorwinlikheid" die stryd teen die armoede gevoer, en haar kinders gehelp om so 'n helder insae in die aard van die vyand te kry dat hulle nooit in gevaar was om weer in sy mag te verval nie. M.E.R. se lewensomgewing is dus deur haar moeder geskep en haar wêreld ook deur haar alleen aangesê, want al deel wat sy aan haar vader kon hê, was deur "die diep verborge strominge in haar wese wat by die nietige aanvang van 'n mens tog so kragtig teenwoordig en vermoënd kan wees"<sup>6</sup> Sonder twyfel het hierdie opgevoede vrou met haar effens onortodokse Lutherse beskouings die ontwikkeling van haar dogter in gelukkige en aangename paale gestuur.<sup>7</sup>

Toe Mimie skoolgaande ouderdom bereik het, is sy na die Sentrale Meisieskool op die dorp gestuur. Hierdie skool was onder die beheer van Amerikaanse onderwyseresse wat ds. George Murray 'n paar jaar van tevore van "Mount Holyoke" in die V.S.A. laat kom het, en wat deur hul moderne opvoedingsmetodes 'n omwenteling gebring het in die "morsdood onderwys" van die "dame schools" en "grammar schools"<sup>8</sup> Deur hierdie onderwyseresse se persoonlike

2. Oorl. bls. 11.

3. Dr. P.J. Nienaber: Bibliografie van Afrikaanse Boeke.

4. Oorl. bls. 17.

5. Oorl. bls. 18.

6. Drie V. bls. 92.

7.

8. Oorl. bls. 31.

belangstelling in hul leerlinge het hulle die daaglikse skoolgang vir die meisies plesierig gemaak en ambisie in hul d'angewakker om die lewe met hoë ideale in te gaan. Al skade wat hul die kinders op opvoedkundige gebied aangedoen het, was om Engelsvoelendes van Hollandasprekendes te probeer maak. Later het M.E.R. hierdie skade baie goed beseef, en geskryf, "Dit doen 'n kind groot kwaad om te voel dat sy pa en ma se taal en hul manier van lewe as minderwaardig beskou moet word wanneer dit slegs verskillend is van die taal en lewensbeskouings van diegene wat aan hom onderwys gee. Daar is seker geen groter skade wat aan 'n kind gedeën kan word nie, behalwe om hom in werklike misdadigheid op te lei."<sup>9</sup> Ver al die Engelssprekende prinsipale wou haar leerlinge nie as Afrikaners beskou nie, maar sulke beskouings was ook destyds nog ongehoord, behalwe by die Genootskap van Regte Afrikaners en in die blaasie van Die Patriot.<sup>10</sup> Hollandse psalms en gesange is dus nooit gesing nie, net die "Sankeys", wat onafskeidbaar by Mimie se sieleweefsel ingewerk is. Toe sy ouer was, het sy beseef watter kosbare skat sy hierdeur verloor het, die "ou, baie ou erfenis wat vir my voorgeslagte heil gebring het, en wat ek nie geken het nie."<sup>11</sup> Eers Langenhoven se nuwe boekie van "Afrikanse Gesange" sou haar help om uit die verkeerde toestand te kom.

Na skoolure het die Swellendamse jongspan baie tyd in hul deeglike dorpsbiblioteek deurgebring, waar die oudete Rothmann-seun 'n tydjie lank bibliotekaris was.<sup>12</sup> Mimie het tydskrifte soos die Illustrated London News, The Graphic en die Strand Magazine kageloop en baie kennis "des goeds en des kwaads" op hierdie manier ingesamel. Die kwaad wat sy ingekry het, was die indruk "dat 'n Afrikaner niks op hierdie ou aarde beteken nie, arme siel, sonder geskiedenis, sonder kultuur, sonder Piccadilly, sonder Tower of London, met geen taal nie, maar net 'n 'patois!'"<sup>13</sup> Tog het sy darem hier die toegangsleutel tot die ryk Engelse letterkunde gekry, en dit was in menig geval ook die sleutel tot die ontwikkeling van die eie geestesvermoë.

9. Oorl. bls. 39.

10. D.B. 16/1/23

11. D.B. 18/10/22

12. Oorl. bls. 53.

13. D.B. 23/8/22

'n Ander deel van M.E.R. se jeugonderrig was haar opleiding in alle kennis van die veld en van die velddiertjies. Op die meent, wat die berg tot aan sy top ingesluit het, kon sy die goggas se "huishoudinkies in die veld"<sup>14</sup> gadeslaan en haar noukeurige "veldeantekeninge"<sup>15</sup> maak. In die dorp self het sy plesier gekry in die bloublommertjies aan die heinings voor die straatwye, in die hibiskusblomme voor die spierwit huise en in die japonikas, daphnes en mosrose van die vanslewe se blomtuine.<sup>16</sup> Haar eie akkertjies het sy in die winter "gekan en geborsel" en as die jaar sy draai geloop het, aanskou "hoe die goedjies beur en stoot."<sup>17</sup> Met die dorpsmense het sy vurig gehoop dat die nuwe bosplantasie die dorp so van die berg sal afsny dat die owerhede dit dalk as natuurpark sal verklaar, " 'n beskermende veiligheidskoord vir die bloeme, waar geen brandstigter of verkoper sy pote sal kan sit nie."<sup>18</sup>

Eindelik was Mimie se skooljare aan die Sentrale Meisieskool op 'n end en die matrikulasie-eksamen so suksesvol afgelê dat die Suid-Afrikaanse Kollege haar in 1897 die "Queens Scholarship" (£24 per jaar) en die "Webb Scholarship" vir geskiedenis aangebied het.<sup>19</sup> In die dae toe meisiestudente nog op die vingers van die een hand getel kon word - M.E.R. was maar die derde of vierde - het sy die seldsame waagstuk van 'n universiteitsloopbaan laat slaag. Die keuse van vakke was destyds maar beperk, en Mimie is verplig om vir haar "Intermediate" kursusse in 'n bonte mengelmoes van vakke te volg, onder andere Grieks, Latyn, Engels, Nederlands, Fisika, Rekenkunde, Algebra, Meetkunde en "Constitutional History". "Heeltemal die nuttigste ding" wat sy geleer het, was Meetkunde, maar die ander vakke het later geen die minste spoor in haar gelaat nie. Omdat daar destyds nog geen voorsiening vir meisiestudente aan die Suid-Afrikaanse Kollege gemaak is nie, moes Mimie privaat lereer, eers by 'n ou dame in Scepunt - sy moes met perdetrens inry stad toe - en later by twee Engelse onderwyseresse wat hul eie Klusterkooltjie

14. D.E. 26/1/29

15. D.H. 13/3/31

16. U en T. bls. 23

17. D.H. 2/9/32

18. D.B. 15/5/28

19. D.H. 12/1/34

in die stad gehad het. Van omgang met mansstudente was daar maar min sprake - van hul klasse het die paar meisies sonder om links of regs te kyk na die ruskamertjie wat Mimie en 'n maat onder die bevele van 'n professor vir hul ingerig het, gestap. M.E.R. het later die gebrekkige omgang met seuns betreur: "Dit is jammer om die lewe in te gaan met 'n gebrekkige kennis van die ander geslag."<sup>20</sup>

Reeds in 1883 - Gewe jaar voor die stigting van die Suid-Afrikaanse Taalbond - het Marie Koopmans de Wet begin om jaarliks 'n som geld vir 'n Koopmans-boekprys vir Hollands aan die Suid-Afrikaanse Kollege te gee. Sy het die jaarlikse prysuitdeling persoonlik bygewoon om met die pryswinner kennis te maak en hom 'n woord van aanmoediging toe te spreek.<sup>21</sup> Toe M.E.R. dus 'n prys vir Hollands verower het, is sy in staat gestel om die waardige oudame persoonlik te ontmoet - dié keer by haar huis in Strandstraat, want mevrou de Wet se gesondheid het haar nie meer toegelaat om uit te gaan nie. Dit het by M.E.R. destyds nog nie opgekom dat Afrikaans onafhanklik van Hollands as aparte taal kon bestaan nie. Die eerste gesaghebbende wat met agting en belangstelling oor Afrikaans gepraat het, was professor Logeman - 'n feit wat M.E.R. nooit vergeet het nie en waarvoor sy hom steeds dankbaar gebly het.<sup>22</sup> "Die koddige versies en toncelstukkies" van Melt Brink - by wie M.E.R. les geneem het in die teken vir landmeters - het haar oneindig veel plesier verskaf, maar sy het hul tog nie aangesien "as die voorlopers van iets groots" nie. "Had ek dit maar toe begryp!" skryf sy jare later berouvol.<sup>23</sup>

Omstreeks hierdie tyd het die nasionale bewuswording by M.E.R. begin ontwikkel, en die Jameson-inval was die eerste politieke gebeurtenis wat haar werklik "wakker gemaak het tot 'n besef van burgerskap." Toe sy na die beëindiging van haar studies in 'n Transvaalse dorp gaan skoolhou het, het hierdie aanknoping by die

20. D.H. -19/1/34

21. F.S.Malan: Marie Koopmans-De Wet bls. 175

22. D.H. 19/1/34

23. D.H. 10/5/40

lewe van 'n lewenskragtige jong republiek die besef verder versterk. Toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek en die inwoners verblyfpassie moes kry, het M.E.R. versoek dat "burgeres" op haar vorm ingevul word - al was sy eintlik 'n Kaaplander. "Toe was haar hart vas aan Transvaal."<sup>24</sup>

'n Paar jaar later is M.E.R. getroud en het met haar man verhuis na 'n onbeboude plaas in die Transvaalse Laeveld.<sup>25</sup> Hierdie omgewing het sy gou leer lief kry en die besondere leefwyse tot in die fynste besonderhede leer ken. Soos "klein Sina" in "Goedgeluk" het sy waarskynlik kennis gemaak met die diep, sterk strome en digte, donker bosse van die Laeveld, die lugtige rondawel<sup>s</sup> met hul mooi grasdakke en gladde miershoopvloere, en die afgesonderde leefwyse van die enkele groepies bewoners van hierdie ongetende landstreek. Na 'n verblyf van 'n paar jaar is M.E.R. egter terug na haar geboortedorp, waar sy haar met haar twee klein kindertjies gaan vestig het. Hier moes sy "self vir hulle verdien as oorwerkte onderwyseres,"<sup>26</sup> eers in 'n private skooltjie en later in 'n goewermentskool, waar sy hoofsaaklik geskiedenis en Latyn gedoseer het. Tuis moes sy ook alles reghou, en ons kan haar glo dat dit daar "nie altyd oor stille waters gegaan het nie."<sup>27</sup> Hoewel M.E.R. 20 jaar van haar lewe "in plattelandsonderwys" moes deurbring, het dit haar nooit werklik bevredig nie. "Die kinders wat ek deur die eksamens moes haal, het my altyd swaar van die hande gehang,"<sup>28</sup> skryf sy later; daarby kon sy nooit haar eie taal as medium gebruik nie, "omdat die ander taal beskou was as beter." Van die onderwys het M.E.R. dus steeds weggekeur.<sup>29</sup>

Toe Die Boerevrou vir die eerste keer in Maart 1919 onder redaksie van Mev. Mabel Malherbe in Pretoria gepubliseer is, was die geleentheid daar vir M.E.R. om met haar joernalistieke loopbaan te begin. Eers het sy bydraes gestuur, en later 'n geruime tyd op die kantoor gewerk.<sup>29</sup> 'n Vername deel van die blad was die

24. D.B. 7/6/22

25. D.B.16/2/33

26. D.Boer. Maart 1929

27. D.B.10/5/22

28. Drie V. bls. 85

29. Sarie Marais: 6/7/49.

Kinder-byblad, wat eers "Fakkeldraers" genoem is en later "Ons Kleintjie" (genoem na ou Mr. Hoogenhout se eerste Afrikaanse kinderblad), en veral vir die "Fakkeldraer"-afdeling het M.E.R. talle kinderverhale en "Egversies" geskryf. Die groep vroue op die redaksie van "Die Vrouetjie" het "sonder wanklank saamgewerk en met liefde en toewyding alles in hul vermoë gedoen om "Die Boerevrou" werklik 'n oop venster op die lewe te maak, vir die boervrou en haar gesin op die eensame plase...." Van die rol wat M.E.R. in hierdie poging gespeel het, skryf Mev. Malherbe: "Haar spore is oral te sien en ons kan haar nie skei van Die Boerevrou nie."

In Desember 1931 is die blad tot niet, maar reeds in 1922 is M.E.R. aangestel as vaste redaksielid van Die Burger by die Nasionale Pers, Kaapstad. Mev. dr. Gillié van Stellenbosch het toe reeds enkele artikels vir vrouelesers van die dagblad geskryf, maar M.E.R. was die eerste vrouelid op die redaksie, en het in Mei 1922 met die rubriek "Vrouesake" begin.<sup>30</sup> Toe die pos haar aangebied is, kon sy skaars aan haar geluk glo, en het gevoel soos sy haar voorstel "dat 'n vis sou voel wat eers deur 'n onafsienbare modderpoel moes swem en toe in Kooirivier uitgekome het."<sup>31</sup> Later skryf sy: "In 'n lewe wat nie arm aan seënninge was nie, erken ek hierdie aanbod as een van die beste." Die joernalistiek was vir haar in alle opsigte 'n bevoorregte beroep, "skoner van die verderflike nagwer wat soms by professionele mense en by kunstenaars te vind is," en M.E.R. het oneindig veel plesier daarin gevind, hoewel sy moes ontdek dat sy baie kaff oor vroue-aangeloeenthede moes opstel om die Engelse adverteerders, wat onse blad nie kon lees nie, te oortuig dat hulle advertensies wel op die 'ladies page' verskyn het."

In die begin het M.E.R. tuisgegaan by Fulmer Lodge, Muizenberg.<sup>32</sup> maar later vir haar in die Tuine-woonbuurt kom vestig, waar die

30. D.H. 26/9/47

31. Drie V. bls. 86

32. D.B. 10/5/22

"verplante boervrou" in nouer aanraking met die stadskultuur kon kom. Die aard van haar beroep het haar in staat gestel om uitstekende opvoerings van mense soos Shaw en Barrie by te woon, om 'n artieste van wêreldfaam soos Pawlowa te sien dans, en om na die voorleesings van beroemde geleerdes, soos prof. Casimir, te luister. Tog het M.E.R. in haar artikels volgehou dat "buitemense" skoonheid op hul eie manier moet soek, veral in "die liefde vir die aarde en haar voortbrengsels, en liefde vir wat edel is in die mens." Hierdie liefde was deel van M.E.R. self, en het haar steeds gedwing om die Kaapse natuur en omgewing te ondersoek en van naby te beskou. Die eerste Bolandse lente het haar in vervoering gebring. "Die Kaap is tog pragtig." skryf sy. "Waar daar 'n stukkie oop veld is bars dit nou in Septembermaand van groeikrag; die duisende, duisende akkerbome is vet van botsels...." Sy leer Kirstenbosch goed ken. "'n groot plaas aan die helling van die berge agter Tafelberg waar net Afrikaanse blomme aangekweek word," en steun Dr. Bolus in sy pogings om 'n wetsontwerp oor die beskerming van veldblomme aangeneem te kry. Steeds pleit sy vir die behoud van Afrikaanse blomname soos "Weeskindertjies" (Linarias), "Turkse Filette" (Lupins), "Tuingsousblomme" (Calendulas) en meen dat baie meer gedoen kan word aan Afrikaanse medisyneplante soos "Kankerbossie," "Wilde Als" en "Huisheerblaar."

In die ou redaksiekantore in Keeromstraat - aan die Westekant van die gebou, op die eerste verdieping en aan weerskante van 'n smal donker gang - het M.E.R. talle interessante persoonlikhede raakgeloop, onder andere die "tegniese redakteur," Frederik Rempel, 'n baasjoernalis, wat haar in baie dinge behulpzaam was; en so af en toe het die geëerde C.J. Langenhoven ingestap gekom met sy vriendelike groot, "Dag Nooi!" Politieke persoonlikhede soos

- 33.D.B. 11/7/25
- 34.D.B. 5/1/26
- 35.D.B. 27/10/25
- 36.D.B. 20/9/22
- 37.D.H. Oktober 1922
- 38.D.B. 16/8/22
- 39.D.B. 26/9/33
- 40.D.B. 13/9/22
- 41.D.H. 10/10/47

genl. Hertzog en dr. Malan het sy ook raakgeloop en self deelgeneem aan politieke bedrywighede soos byvoorbeeld die stigting van die Nasionale Vroueparty.<sup>42</sup> Maar dit het vir haar al duideliker geword dat "politieke stelsels hoofsaaklik defensief moet optree en in die tweede plaas konstruktief, en met die besef dat "die ideaal van die vrou telkens op die agtergrond geskuif moet word." <sup>43</sup> het haar geesdrif verflou, al het sy destyds gemeen dat die deelname van die vrou in die politiek die wêreld beter en anders sou maak.

Hoe langer M.E.R. op die koerantkantoor gesit het, hoe meer het sy "die drang van alle vrouens om die wêreld te help aan die kant maak" begin voel.<sup>44</sup> Die verstote "liefdadigheidswerk" het in sterkte toegeneem namate die politieke bedrywighede van Afrikaner-vroue begin afneem het. By M.E.R. het die groeiende besef van die verskriklike toestande onder verarme Afrikaners in die stad haar al hoe meer in maatskaplike werk laat belangstel. Toe sy in April, 1928, as lid van die Burger-redaksie bedank, het talle briewe van waardering die kantore binnegestroom. Tipies was die opmerkings van A.G. Hofmeyr: "Wat almal getref het wat met M.E.R. te doen gekry het, was haar nederigheid." Haar "besadigde oordeel en liefdevolle teregwysings" was vir die skryfster steeds 'n aansporing, en sou baie geais word, meen sy verder.<sup>45</sup> M.E.R. het dadelik met haar nuwe pligte as organiserende sekretaresse, en sekretaresse van gesondheidswerk van die Afrikaanse Christelike Vroue-Vereniging begin en enkele jare later as plaasvervanger vir die maatskaplike werkster van die A.C.V.V. op Kaapstad opgetree. Met die stigting van die Voortrekkerbeweging in 1931 was M.E.R. die lid van die A.C.V.V. op die Stigtingskomitee,<sup>46</sup> en het alles in haar vermoë gedoen om die nuwe beweging by moeders en kinders te laat posvat. In 1930 was sy reeds op die hoofbestuur van die A.C.V.V.<sup>47</sup> en vir die volgende aantal jare het sy

42.D.B. 7/4/23

43.D.H. 26/9/47

44.D.B. 30/12/24

45.D.H. 26/9/47

46.D.B. 28/7/31

47.D.B. 12/9/31

haar met hart en siel vir die beweging beywer. Wat vir M.E.R. veral van die vrouebeweging getref het, was ten eerste dat dit die bedelgacs by die Afrikaner teengewerk het, en ten tweede dat dit "ons Afrikaanse vrouens geleer het dat ons iets in die samelewing beteken, en dat ons ou eenvoudige deugde...baie, baie werd is."<sup>49</sup>

M.E.R. het haar steeds meer toegelê op die wetenskaplike studie van maatskaplike toestande in Suid-Afrika. Saam met ds. Albertyn, ds. Cronje, ds. Lückhoff, prof. J.F.W. Grosskopf, dr. E.G. Malherbe, dr. W.A. Murray en prof. Wilcocks het sy die armste distrikte van die land besoek, haar opmerkings oor agterlike toestande aangeteken en later te boek gestel. Die "Vroue Federale Raad" het gesorg vir geldelike bydraes om die koste van haar deelname aan hierdie Carnegie-ondersoek te help dek.<sup>50</sup>

In 1938 het M.E.R. 'n studiereis na Amerika onderneem, hoofsaaklik met die doel om maatskaplike toestande in die Kentucky-gebied van die Verenigde State van Amerika te ondersoek. Op pad huis toe het sy darem 'n draai in Holland gaan maak en 'n hele reeks artikels oor die toestande daar gepubliseer.<sup>51</sup> Die Carnegie-kommissie het in 1940 die resultaat van haar ondersoekinge - 'n studie van die ooreenkoms tussen maatskaplike toestande in Kentucky en Knyana - gepubliseer.

Vanaf 1941 is M.E.R. op Swellendam gevestig en besig met die belangrikste deel van haar skeppingswerk. Uit die talle ondervindings van haar voelbewoë lewe, die uiteenlopende invloede wat sy geassimileer het, die wysheid wat sy in al haar aanknopings met mense geleer het, haar kennis van alle aspekte van die Afrikaner se ontwikkeling en tradisie en haar liefde vir eie bodem kon haar spesifiek persoonlike kuns ontstaan.

49. D.B. 19/1/26

50. Verslag van die Carnegie-kommissie bls.(iii)

51. D.H. 13/9/38

## HOOFSTUK 2.

M.E.R. se Kunsopvattings en Ideale.

Elke kunstenaar het sluimerend in hom die kritikus. By die blote keuse, verwerping en verwerking van boustof is die kritiese funksie van sy gees steeds werksaam. Die kunstenaar kan in 'n mindere of meerdere mate van hierdie kritiese werksaamheid bewus wees - soms is dit miskien feitlik intuïtief - maar alle uitinge daarvan in die vorm van getuienisse moet naas sekere lewens-besonderhede op een of ander manier tot 'n beter begrip van die aard en wese van sy kunswerk lei. Daar is wel skrywers wie se kunsopvattings nie ooreenstem met hul kunsuitings nie, by wie daar selfs 'n onderlinge stryd tussen die twee plaasvind, tussen die ontledend-betogende en die skeppend-beeldende; by Corter is daar byvoorbeeld die groot teenstelling tussen sy Mei aan die een kant, en sy sosialisties-kritiese geskrifte aan die ander. 'n Tweede groep skrywers het minder talent by die beoordeling van hul eie skeppinge as by dié van ander kunstenaars; 'n interessante voorbeeld is die skrywer en digter P.N. van Eyck met sy hoog ontwikkelde kritiese vermoë. In teenstelling hiermee is daar skrywers wat wel die vermoë het om hul opvattings oor hul eie kuns te formuleer, maar wat nie in staat is, of verkies om hulle nie volledig in 'n ander se kuns te verdiep nie. Vergelyk byvoorbeeld A.Roland Holst se uitmuntende Eigen Achtergronden en Uit Zelfbehoud met sy swak kritiese beskouings oor die digter Leopold. 'n Laaste groep kunstenaars kan skeep sonder dat daar by hulle veel sprake is van 'n kritiese verantwoording. So het Leopoldt uit sy natuurtaent geskep sonder dat hy enigsins belanggestel het in die moontlike formulering van sy eie kunsopvattings of dié van ander. Die vraag ontstaan dadelik tot watter van hierdie groepe M.E.R. tuis behoort, en tog lewer die studie van haar getuienisse nog 'n belangriker gegewe op, naamlik die beeld van haar gedagte-wêreld en van die sfeer waaruit haar werk ontstaan het.

Die formulering van kritiese getuienisse kan óf regstreeks gegee word as inleidings tot eie boeke - vergelyk Henry James en Bernard Shaw - óf die vorm aanneem van besprekings van ander skrywers se werke. By M.E.R. het ons byvoorbeeld eensyds kritiese getuienisse in haar joernalistieke werk en vooroorde tot haar eie boeke, maar andersyds is dit veral in die verskeie boekbesprekings wat sy as redaktrise van "Vrouesake" in Die Burger geskryf het, dat ons haar kunsopvattinge kan nagaan en vasstel. Naas die kritiese opmerkings oor bepaalde skrywers en boeke het sy haar eie standpunt gestel, en op dié manier 'n uiteensetting gegee van die grondbeginsels van haar kuns, en die maatstawwe wat sy as geldig en noodsaaklik beskou by die beoordeling van 'n kunswerk.

Eintlik wil M.E.R. hê dat ons haar boekbesprekings bloot as geselsies met 'n simpatieke leser moet beskou - "soms die gesels van een vrou met 'n ander."<sup>1</sup> Sy pak die taak met huiwering aan en wrken ronduit - "Ek wil nie hierdie boeke resenseer nie, want resensies klink so gesaghebbend; 'n mens waag jou nie graag daaraan nie."<sup>2</sup> Tien jaar later hou sy nog steeds vol: "Ek kan nie resenseer nie," maar voel tog dat sy in staat is om te sê "watter weerklank die skrywer se gedagtes in sy vind."<sup>3</sup> As sy dan tog resenseer, is dit omdat sy "met bewustheid van onbekwaamheid op kunsgebied tog ook weet dat die groot gros van vrouens net wil weet: 'Is dit 'n mooi boek?'"<sup>4</sup> en daarop wil sy 'n antwoord gee.

In 'n resensie van Langenhoven se Lig van Verre Dae spreek M.E.R. haar groot bewondering uit vir 'n skrywer wat hom van die gewone "sielkundige romanskrywer" onderskei deur sy vermoë om "stories te kan vertel."<sup>5</sup> Uitgebreide sielkundige ontleding keur sy dus af: "Ek hou tog nie van die sielspluisery waarvan die moderne roman so vol is - tensy dit die waarheid is, dan is dit aangrypend."<sup>6</sup> Stahlberg se roman Een Finsche Vertelling vind

- 1.
- D.H. 16/5/24
2. D.E. 8/8/25
3. D.E. 26/6/25
4. D.E. 7/2/23
5. D.E. 25/3/24
6. D.E. 26/8/24

sy ook 'n bietjie "te uitpluiserig van gemoedstoestande."<sup>7</sup>

Die storie is vir M.E.R. hoofsaak: "dit skep 'n ander wêreld in ons s'n, die storie slinger om ons 'n wondersluier, wat hier oopslaan en 'n tintelende hemel laat sien, rooskleur en blou en goud, of wat sag op die hart en die oë druk en die sug en die traan uitlok." Naas die verhaal stel sy die eenvoud van uitbeelding as hoofvereiste, hoewel sy besef dat "almal wat stories vertel darem nie kunstenaars is nie." Sy probeer verduidelik waarom eenvoud van soveel betekenis is: "Alle groot dinge is eenvoudig - die waarheid is eenvoudig; gehoorsaamheid en selfbeheersing is eenvoudig; dit is eenvoudige dinge wat 'n mens al dag sien; gelukkig, anders wat word van ons?" Daarom prys sy die styl van Eva Walter se Eensaamheid - "so sonder enige aangemaaktheid,"<sup>8</sup> en Stahlberg se Finsche Vertelling - "opreg en sonder aanmaaksel."<sup>9</sup> Sy besef hoe sterk die verleiding tot mooiskrywery is en meen dat die "teenswoordige" geslag al begin verleer het om 'n ding eenvoudig te vertel: "Ons Afrikaners is mos nou aan skrywe, en dit is vir ons swaar om nie deur mooi en aandoenlike woorde verlei te word nie, sodat ons meer oog het op die gevoel wat ons verwek as op die waarheid."<sup>10</sup> Gedurig maan M.E.R. die jong skrywers om nie te veel waarde te heg aan hoe iets gesê word nie, maar eerder aan wat gesê word.<sup>11</sup> Die mooiste eienskap van enige skrywer bly vir haar steeds "die eenvoud van hart, kenmerk van die ware kunstenaar wat 'n onverdeelde liefde aan sy kuns skenk,"<sup>12</sup> en "die waardigheid wat van eenvoud kom as dit met opregtheid saamgaan."<sup>13</sup>

Naas die "storie" en eenvoud van uitbeelding stel M.E.R. verdere eise aan die romanskrywer, nl. objektiewe beelding: die skrywer mag volgens haar nie in die rol van verteller op die voorgrond van die verhaal tree nie: "Wat gaan my die skrywer aan? Ek wil van hom nie weet nie; ek wil weet van die man wat beskryf

- 7. D.B. 9/1/26
- 8. D.B. 8/8/25
- 9. D.B. 9/1/26
- 10. D.B. 1/11/27
- 11. D.B. 3/1/28
- 12. D.B. 21/12/29
- 13. D.B. 11/1/27

word, en hoe meer die skrywer agter hom verdwyn - wat tog glad nie vir 'n skrywer so maklik is nie - hoe meer kans het ek om die man of vrou agter te kom met wie ons te doen het.<sup>14</sup> Die goeie skrywer moet sorg dat hy sy persone se individualiteite deurgaans bewaar, "dat sy nense nie met sy gedagtes almal rondloop nie, maar elkeen in sy eie gedagte-wêreld." Sy voeg daarby: "en dit is nie maklik nie."<sup>15</sup>

Verder onderskei M.E.R. ten eerste tussen die aard van die man en vrou as mens, en ten tweede tussen die man en vrou as verteller. Sy kom tot die gevolgtrekking dat daar sekere beperkings is wat vrouegeleerdes betref: "Die algemene vrouegeleerde is te prakties: sy soek nie kennis terwille van kennis nie, maar om iets uit te voer daarmee, veral vir die kinders."<sup>16</sup> Tog het die vrou 'n seker voordeel bo 'n man omdat sy deur haar lewensaard in staat gestel word om 'n fyn studie van die mens se geaardheid te maak. Die kennis wat sy opdoen, gee rigting aan haar hele handel en wandel, maar "ongelukkig kan die vrou hierdie kennis meestal nie formuleer of meedseel nie - meestal is dit ook heeltemal onbewus."<sup>17</sup> M.E.R. besef dat daar onder Afrikaners 'n groot gebrek aan groot vrouekunstenaars is, en sy probeer aantoon hoe so 'n toestand ontstaan het: "Eens alle vrouens het die sterk aanleg vir regmaak en in orde stel; soveel skeppingskrag gaan daarin uit dat dit seker een van die redes is waarom daar baie minder groot kunstenaars, ontdekkers, eersterangs-skrywers of digters onder vrouens is."<sup>18</sup>

Dit kom M.E.R. voor asof daar 'n duidelike skeidslyn tussen die werksmetode van die manlike en vroulike kunstenaar getrek kan word. "Die mans sien die ding in teorie, maar hulle het nie lus om hulle met klein besonderhede te bemoei nie. Die vrou dink: nou, as ek nie daardie sakies begin nie, wat word van die teorie? Dan versmaai sy dit nie om by die kinders te begin nie."<sup>19</sup> Sy waarsku skryfsters

- 14. D.B. 6/12/27
- 15. D.B. 9/10/26
- 16. D.B. 21/4/28
- 17. D.B. 29/12/34
- 18. D.B. 2/2/33
- 19. D.B. 26/1/26

om nie die mans te probeer naboots nie: "Ons is nie mans nie - ons dink en begeer en beskou nie soos hulle nie." Daarom beklemtoon sy dit dat vrouens hul eie gang moet gaan: "Ons moet as vrouens werk en nie as mans nie."<sup>21</sup>

Die verskyning van Marie Linde se Onder Bevoorregte Mense, Eva Walter se Eensaamheid en Meg Ross se Oogklappe het vir M.E.R. voorgekom as "n merkwaardige uitstoot van Afrikaanse stories deur vrouens,"<sup>22</sup> maar sy is nie blind vir die gebreke in hul kuns nie; sy sê byvoorbeeld ronduit dat Eva Walter se Eensaamheid vir haar die indruk gee "van 'n floueriige waterverftekening van 'n sterk toneel."<sup>22</sup> Meg Ross se Oogklappe laat haar ook voel "dat 'n sterker hand hier nodig was." Sy voeg darem daaraan toe: "Dit lyk my egter net daaraan toe te skryf dat die skryfster te veel aangepak het in een boek; daarom staan haar ontwikkelings nie helder uit nie." Tog het sy waardering vir teerheid en fynheid van uitbeelding, soos in die werke van Pauline Smith waar "die eenvoudigste amsense, bywoners of plaasknagte, simpel ou tentetjies op die dorp, so teer afgeteken word asof Langenhoven hulle onder hande had."<sup>23</sup>

M.E.R. sien die grootsheid van Olive Schreiner raak in 'n tyd toe waardering by die gemiddelde Afrikaner glad nog nie algemeen was nie. Van Thoughts on South Africa sê sy: "Die boek is groots; dit kom uit die hart van 'n vriend, en dit is 'n eer vir ons vrouelike geslag."<sup>24</sup> Daar is on<sup>t</sup>aglik veel van Olive Schreiner te leer, juis omdat daar vir 'n vrou steeds meer te leer is "uit die gevoel van die hart as uit die beredensering van die verstand."<sup>25</sup> Kenmerkend is dit dat M.E.R. by die lees van Olive Schreiner se briewe voel dat daar te veel gesê is wat sy liever moes verswyg het: "Mens het 'n gevoel van beskroomdheid by die lees van sommige briewe: Het mens die reg om sulke intieme sake voor die wêreld te lê?"<sup>26</sup>

20. D.B. 14/4/23

21. D.B. 7/4/23

22. D.B. 8/8/25

23. D.B. 11/1/27

24. D.B. 21/8/23

25. D.B. 13/1/25

26. D.B. 16/5/24

Die joernalistieke houding het M.E.R. dikwels oordrewe bewus gemaak van haar leser. Sy besef self dat die aard van haar werk bepaal word deur die denkbeeldige leser wat sy steeds voor oë het. "Ek het altyd voor my 'n soort gedagte van wie die ding lees wat ek skryf, en ek probeer myself in haar plek te stel. Veral as ek my werk oorlees, dan maak ek baie veranderings daarin, want dan is ek nog meer die leser."<sup>27</sup> In verband met haar artikels in Die Burger skryf M.E.R.: "die doel van hierdie artikels is net om 'n bietjie stof tot nadink te gee so tussen werksure; hulle gaan saam, so hoop ek tenminste, met die lekker stoel waarin daardie tussentydies deurgebring word."<sup>28</sup> As 'n tema dus vir haar van groot belang is, luiwer sy nie om herhaalde kere daaroor te skryf nie - solank dit maar net ingang vind by die lesers. Soms vind sy tog dat sy hul 'n uitleg skuldig is. Sy skryf 'n keer: "Dit lyk of ek nie in hierdie stukke van die onderwerp van die armoed kan wegkom nie; dit lyk nie so nie, dit is so. Maar die vrouens wat dit mag lees moenie my dit kwalik neem nie.....Moenie ongeduldig word nie: laat ek my tog maar uitskrywe."<sup>29</sup>

Omdat sy so bewus is van die leser, laat sy die leser die vorm en aard van haar werk bepaal. Trouens, sy oordeel ook ander skrywers se werk volgens die lesers, d.w.s. die volk se peil van ontwikkeling. Letterkunde staan vir haar feitlik gelyk aan volksopvoeding.

In 'n resensie van Langenhoven se geskenk aan die A.C.V.V., die drama Petronella - 'n Tragedie van Verarming, maak sy die opmerking dat "die kuns van aankant maak wat verkeerd is in gesins- en volkshuishouding nog maar al kuns is wat ons ken.....want vir ons is die kuns dan alleen 'n Skone Kuns as dit die skoonheid van wat goed en gesond is, aandui."<sup>30</sup> In Petronella vind M.E.R. dit ook aangedui en fyn beskryf. Sy beskou dit nie as 'n ramp dat Afrikaners nog so min bevrediging gekry het vir dié kant van hul

27. D.B. 3/1/28

28. D.B. 12/1/33

29. D.B. 26/6/23

30. D.B. 24/2/31

geaardheid wat deur kuns gevoed word nie. Daar is te veel ander belangrike dinge wat eers in orde gebring moet word: "Ons is soos kinders wat eers goed gegrond moet word in die dinge wat die voortbestaan kan waarborg, voor ons verder kan ontwikkel."<sup>31</sup> Sy meen ook dat die meeste van ons Afrikaners ons nog te veel as oorwonne volk voel om tyd en aandag aan iets anders te bestee as die "herwinning van ons vryheid en die opbou van die versonke gedeelte van ons volk."<sup>32</sup> As ons eers vryheid het "sal al die ander dinge ons toegeworpe word."

Volgens M.E.R. was daar dus in die Afrikaanse letterkunde van die Twintiger jare nie eintlik plek vir blote subjektiewe uitbeelding nie. Sy vind dit vreemd dat Marie Linde in Dina en Lalie "gruag 'n innerlike ontwikkeling en stryd beskryf oor soiets as 'n liefdesgeskiedenis wat byna heeltemal subjektief gevoed word, en min uitwerking op die wêreld vol lewe het."<sup>33</sup> Dis vir haar asof "die kool die sous nie werd is nie." Daarom is Onder Bevoorrerte Mense ook vir haar teleurstellend, want "die brandende kwessie van die toenemende armes in die Afrikaanse maatskappy,"<sup>34</sup> word na haar mening veels te oppervlakkig beskou. Sy voel dat dit 'n valse lewensbeskouing is wat in die uitbeelding van 'n arablankemeisie aantoon dat so 'n meisie net "'n mooi gesiggie nodig het om die fynste en mees ontwikkelde mense aan haar te heg." So 'n roman moet onbevredigend wees, want "Afrikaners is nou eenmaal in die gewoonte geraak om van ons skrywers te verwag dat hulle ons iets moet leer, al is dit op hoe 'n eenvoudige manier." M.E.R. wil egter nie dogmaties wees nie en sy twyfel self daaraan of hierdie standpunt geregverdig kan word: "Ek moet sê, ek weet nie of ons gelyk het nie -" Sy gee skynbaar die voorkeur aan die soort publikasie wat soos Die Doorevrou "gebore is uit 'n suiwer begeerte om iets aan vrouens te gee wat hulle ontbreek; iets goeds en gesonds en mooi..."<sup>35</sup> Kenmerkend is dit dat M.E.R. die waarde van

31. D.B. 5/1/26

32. D.B. 15/11/22

33. D.B. 21/7/28

34. D.B. 8/8/25

35. D.B. 19/3/27

romans bepaal deur die uitwerking wat hul op die Afrikanse maatskappy het. "In 'n land soos die van ons, waar 'n dun wit bevolking meestal ver van mekaar woon, is die roman miskien die grootste middel waardeur die nadele van afsondering teengewerk word."<sup>36</sup> Dit kom haar voor dat Afrikaners te veel op eie gedagtes en gewaarwordings teer: "Dit is 'n kos wat naderhand sy voedingskrag verloor en ongesond word."<sup>37</sup> Sy maan die plattelander gedurig om meer te lees en gebruik te maak van dorpsbiblioteke, anders put sy gees naderhand net uit "sy eie klein skat."<sup>38</sup>

Ten spyte van M.E.R. se pedagogiese opvatting van die kuns is daar tog by haar 'n sterk bewussyn van die waarde van "Skone Kuns." Sy beseft dat daar 'n kant van die mens se geaardheid is wat net daardeur bevredig kan word: "Dit is daardie kant wat die eensame boervrou, ontstoke van omgang met ontwikkelde mense, bitter beperk deur haar skamele inkomste in die keuse van mooi dinge om om haar te hê - dis daardie kant van haar wat haar laat plesier kry in die oop veld wat sy deur haar kamervenster aanskou of oor die onderdeur van die kombuis as sy so tussen die werk die oë laat dwaal na die ver verskiet."<sup>39</sup> As 'buitemens' is dit die "liefde vir wat edel is in die mens"<sup>40</sup> wat steeds die skoonheid aan haar openbaar.

M.E.R. se "geselsies" laat dus duidelik blyk dat sy bepaalde eise aan enige letterkundige werk stel: Sy voel in die eerste plek dat sielkundige ontleding aan die verhaal ondergeskik moet wees, dat "sielapluisery" sover moontlik vermy moet word. Verder moet eenvoud van uitbeelding steeds nagestreef word; die verteller moet sorg dat hy nie op die voorgrond tree nie; bo alles moet die skrywer die regte houding tot sy stof hê: moet hy met die gemiddelde Afrikanse leser steeds voor oë, sy talent in die diens van volksopvoeding stel. 'n Skryfster wat in haar resensies al

36. D.B. 22/2/34

37. D.B. 18/3/24

38. D.B. 5/1/26

39. D.B. 12/10/33

40. D.B. 27/10/25

hierdie dinge in gedagte hou, moet noodwendig aandag skenk aan "die beminlikheid of nie van die persone wat beskryf word; die mate van lewensondervinding wat by ons s'n ooreenkom, die lekker loop van die storie, die sag wat dit oor ons verbeelding het, en nog sulke punte."<sup>41</sup> Sulke ooreenkomings moes ook die keuse van boeke vir resensie sterk beïnvloed, en verklaar die rede waarom die voorkeur soms gegee is aan romans van skrywers soos Rönne en Stahlberg, wat vandag betreklik onbekend is, terwyl digbundels selde genoem is. Tog was daar by M.E.R. steeds die begeerte om soos Langenhoven en Von Wielligh die volk te probeer opvoed; in hoofsaak natuurlik die moeder en dogter van die Afrikaanse volk.

41. D.B. 7/2/28.

HOOFSTUK 3.M.E.R. se Werk

Vir 'n begrip van M.E.R. se werk is dit veral van belang om haar vormingsjare, lewensbesonderhede en persoonlike getuienisse in gedagte te hou, want dit het die sfeer gevorm waaruit haar kuns ontstaan het - die "moederloog" waaruit die "blou kristal" gekom het, om 'n beeld van van Wyk Louw te gebruik. By die finale beoordeling sal hierdie oorwegings egter nie benewelend werk nie, maar met die inagneming van die estetiese tot die regte perspektief lei.

Vir 'n helder oorsig en vir vergelykingsdoeleindes is dit miskien gerade om M.E.R. se werk volgens genre te behandel; daar word dan dadelik onderskei byvoorbeeld tussen haar korter vertellings, romans, essays en kinderverhale, en binne elke genre natuurlik 'n chronologiese reeks publikasies, deur hul gemeenskaplike vorm aan mekaar gebind.

(a) Vertellings.

Volgens aard en bou vorm Onweershoogte (1927), Drie Vertellings (1944), en "Die Hol Krans" (1948) 'n betreklik hegte groep. Al drie kan tuisgebring word onder die hoof "Vertellings", hoewel Drie Vertellings miskien meer in die rigting van die novelle lê, en "Die Hol Krans" meer in die rigting van die kortverhaal.

Onweershoogte, wat in 1927 by die Nasionale Pers verskyn het as die veertiende in die reeks "Almal se Boeke," is van betekenis as M.E.R. se eerste boek vir volwassenes. Al die verhale het toe reeds verskyn in die tydskrifte Die Brandwag, Die Boerevrou en Die Huisgenoot, sommige sonder enige aanduiding van die skryfster se naam, byvoorbeeld "Celd wat Stom is" in Die Boerevrou, en ander onder die skuilnaam V.V.D.V. ("Goedgeluk" en "Boodskap uit die Doderyk" in Die Huisgenoot). In die bundel self word die volle naam, M.E. Rothmann gebruik, hoewel die skuilnaam M.E.R. toe reeds dikwels al gebruik is.

Die titelverhaal Onweershoogte handel oor die ontdekking van 'n waardevolle diamant op die plaas Grootboom, eiendom van Oom Hans Moll, en die omwenteling wat daar plaasvind as 'n jong Afrikaner, le Foux, die diamant steel. Deur 'n geweldige storm, wat oor hom losbars en sy volk en vee doodslaan, kom hy egter tot inkeer, en bring die steen terug. Die groot kameeldoringboom wat die plaas sy naam gegee het, word in dieselfde storm platgeslaan, en Oom Hans besluit om die naam "Grootboom" in "Onweershoogte" te verander.

M.E.R. se karakterbeelding is in hierdie verhaal nog in sy beginstadium, en die tekening van die persone wat optree, is nie in 'n gelyke mate geslaag nie. Naas die swak skildering van die "skurk" staan egter die werklik goeie uitbeelding van die eenvoudige ou egpaar, al is hulle gedeeltelik geidealiseerde karakters uit die volksverlede. Daar is bepaald iets interessants en lewendigs in die voorstelling van die twee boermense en die omgewing waarin hul beweeg. Met fyn aandag vir klein dingetjies teken M.E.R. die Kimberleyse wêreld van vyftig jaar gelede: die onherbergsaamheid van die omgewing, die plate kameeldoringbome en die enkele vaal huisies met hul oorgekleide brakgronddakke.

M.E.R. is hier besonder bewus van haar oningeligte leser en doen moeite om haar lering ingang te laat vind. Al is dit op 'n "eenvoudige manier", wil sy tog iets "leer"-vergelyk haar verwysings na die goeie buitelandse politiek van Oom Paul, en die slegte invloed van die uitlanders, veral ook die slotsin: "Hulle noem my plaas nou Onweershoogte," sê Oom Hans, "maar as die mense van daardie klip weet, dan kan ons maar sê "Sondaarshoogte", want hy sleep die sonde agter hom aan!"

"Goedgeluk", wat die eerste keer in Die Huisgenoot van Augustus tot Desember 1922 verskyn het, handel oor die lewe op afgeleë B.veldse plasies en die verwikkelings wat ontstaan as die skryfster se jong buurvrou op 'n aantreklike swakkeling verlief raak. Maar die aantreklikheid van "Goedgeluk" lê nie so seer in die ontplooiing van hierdie verhaal nie as in die rustige gesels

oor alles en nog wat uit die daaglikse lewe in die wilde en ongetemde wêreld.

Die keuse van die briefvorm stel geen perke aan M.E.R. se begeerte om as vertelster op die voorgrond te tree nie; dit stel haar bowendien in staat om self as die hoofpersoon op te tree. Tog raak die stem van M.E.R. die vertelster 'n enkel keer verward in die stem van M.E.R. die karakter. In die tweede brief, wat soos die ander skynbaar aan "ou Siena" gerig is, wend M.E.R. haar plotseling tot "die praktiese leseres, wat ons die naam sal gee van Siena", en onmiddellik word die innige atmosfeer verbreek.

Wat van hierdie novelle iets besonder~~s~~ maak, is die mooi balans wat tussen die pedagogiese en die estetiese bewaar is. Die maatskaplike werkster staan hier 'n bietjie terug, hoewel haar spore nie heeltemal verdwyn het nie: sy waarsku byvoorbeeld teen 'n huwelik met 'n man wat "te veel in homself teruggedryf is", en in die geheim aan drank verslaaf is, maar dit word maar so terloops gesê. Dit is bepaald te betreur dat "Goedgeluk" vandag reeds uit druk en vir die moderne leser feitlik ontoeganklik is.

Die derde verhaal, "Om die draai" handel oor 'n maatskaplike werkster, Hermien, wat aan haar lewensdoel begin twyfel, totdat sy deur 'n droomgesig tot die besef van haar werklike roeping op aarde kom.

Die enkelvoudige tema en die konsentrasie op die hoofpersoon help mee om die innerlike spanning te verhoog, maar ongelukkig oortuig die allegoriese vorm van die gebeure ons nie. Die sentrale figuur, Hermien, toon 'n baie sterk ooreenkoms met haar skepper; soos M.E.R. is sy vervul met 'n "hardnekkige uitsien na vorentoe", weier sy om te glo dat Afrikaners vir Europeërs moet terugstaan wat eerlikheid en opregtheid betref, en het dieselfde begeerte om haar medemens "van aangesig tot aangesig" te leer ken. As Hermien "Anderkant" kom, leer sy soos M.E.R. besef dat "Geloof en Liefde" die twee dinge is waarna op aarde gestreef moet word.

Dit is ook die boodskap van "Om die Draai"; tog spreek die lering so onregstreeks deur die uitwerking van die allegorie, dat dit heeltemal aanvaarbaar word.

"Geld wat Stom is", wat anoniem in Die Boerevrou verskyn het (Mei - Julie 1921), sluit wat stof betref, sterk aan by "Onweershoogte", en word bepaal deur M.E.R. se begeerte om aan die denkbeeldige leser te toon dat armoed "ondersteun van liefde" oneindig verkiesliker is as rykdom wat sonder eie prestasie verkry word. As tant Ellie na jare van swaarkry eindelik die langverlore skatte van 'n ou matroos in haar skoorsteen vind, besluit sy om die geld nie aan haar kinders te gee nie - dit sou alleen onnodige versoekings in hul weg lê - maar om dit aan 'n weeshuis te skenk.

Die bou van die verhaal is tegnies knap: eers is dit in die hede, dan die verlede, en bereik weer in die hede sy klimaks. Intieme kontak word in die inleidende gedeelte tussen vertelster en leser bewerkstellig, maar soms word die oorheersende rol van die vertelster 'n bietjie oorbodig. In plaas van tant Ellie se gedagtes byvoorbeeld sonder kommentaar weer te gee, tree M.E.R. tussen haar en die leser; nie wat tant Ellie se "gedagte-oë" sien nie, maar wat "ek" wil vertel, word beklemtoon.

'n Interessante kenmerk van "Geld wat Stom is", is die sydelingse voorliefde vir die lugubere wat M.E.R. daarin toon. Die grillige en die mooie stel sy met groot effek telkens naas mekaar: as 'n verliefde paar byvoorbeeld langs die strand wandel, ontdek hul skielik 'n verweerde kopbeen. As tant Ellie rustig in die lamplig haar briewe sit en lees, val 'n stuk pleistering plotseling uit die skoorsteen, en 'n paar goue ponde skitter aan haar voete. In 'n latere verhaal is hierdie motief nog sterker, maar hier help dit om van "Geld wat Stom is" iets besonder, hoewel nie iets groots nie te maak.

"Kinddoop: 'n verhaal van Oujersdag" is 'n episode uit die volksverlede, gebaseer op 'n geskiedkundige gebeurtenis wat kort voor die oorgawe van die Kaap aan die Duitse republiek in die

Swellendamse distrik plaasgevind het. Dit handel oor 'n reis van ou eerwaarde van Manger na 'n grensboerdery om pasgebore tweelingseuntjies te gaan doop. Hy is ook net betyds om dit in die teenwoordigheid van hulle moeder te doen, want dieselfde dag sterf sy aan beserings wat 'n bende roofkaffers haar toegedien het.

Die bou van "Kinddoop" is uitmuntend. Die ontwikkeling van die handeling is spannend hoewel die slot 'n bietjie tradisioneel is: "...en toe die ou jaar sy laaste minute aftel, slaan Hanna se hart ook sy laaste slag." Die gebruik van ouderwetse woorde en sinwendinge, byvoorbeeld "egvriend" en "Bullie" help om die atmosfeer van vergange se dae te versterk.

Die byvoegsel tot die slot van die verhaal waarin verwys word na "Theal se groot geskiedenisboek" dien om die werklikheidsillusie te bewaar, en moedig tegelykertyd verdere studie in die aangeduide rigting aan. Die doel van "Kinddoop" is dus hoofsaaklik volksoopvoeding; die Afrikaner word gewys op sy verlede, op die ou taalvorms wat reeds verlore gegaan het, op die geskiedenis van die kerk in afgeleë distrikte, en op die dapperheid van grenshuisgesinne wat hul onafhanklikheid moes handhaaf ten spyte van herhaalde aanvalle van kafferbendes. Die manier van voorstelling en veral die dialoogs krywing is egter so lewendig, dat die tendensieuse element hoeltemal sameslik word.

D.V. Hoewel dit 'n ietsie van die opspraakwekkende besit, is "Boodskap uit die Doderyk" die pakkendste verhaal in die bundel. Daar word vertel van die huwelik van 'n Sweedse boer met 'n vrou wat hom nie lief het nie, maar wat aan die vervelende pligte van 'n onderwyseres wil ontkom. As sy dan werklik verlief raak op een van haar man se knegte, word sy daartoe gedryf om haar man te vermoor deur 'n spyker in sy skedel te slaan. Nadat sy jare reeds met die kneg getroud is, verskyn die pastoor een aand met die kopbeen van haar oorlede man, wat toevallig ontdek is, en sit dit voor haar op die tafel neer, sodat die verroeste spyker duidelik sigbaar is.

M.E.R. vorm hierdie feite tot so 'n knap geheel, en laat die gebeurtenisse so logies en onverbiddelik op mekaar volg, dat daar veral aan die slot 'n sterk en volgehoue spanning ontstaan.

Treffend is hier veral dit sy die moord eers op die laaste bladsy onthul, en dat sy met die soberste middele so veel kon bereik. Net jammer dat die verhaal so onbelowend begin: "Ons Afrikaners is so besig om ons nasie op te bou...ens." Dit is bepaald hinderlik om die lang inleiding te moet deur worstel om M.E.R. se argumente te volg waar sy probeer aandui dat elke Afrikaner die verlede van sy ras in sy onderbewuste ronddra/(miskien onder invloed van Jung?).

Onweershoogte is as bundel eenvoudig en vry van 'n bewuste literêre strewe - opsetlik vry daarvan - want deur literêre pretensie sou sy haar ideale verloën en haar doel, naamlik om 'n bepaalde lering by die volk ingang te laat vind, verydel het. Die hele aard van die boek stem ooreen met die meeste van die eise wat sy aan kunstenaars gestel het: sy sorg dat elke verhaal in sy kern Afrikaans is, dat die gebeurtenisse binne die begrip van die gemiddelde Afrikaner val, dat die "storie" interessant is, en veral dat haar lesers tot iets hoërs en beters opgevoed word. Objektief beskou is Onweershoogte miskien nie groot kunst nie, maar verhale soos "Boodskap uit die Doderyk" en "Goedgeluk" is tog van 'n gehalte wat selfs nie vandag baie algemeen in die Afrikaanse letterkunde is nie.

#### (ii) Drie Vertellings

Die bundel novelles 'Drie Vertellings' het in 1944 by die Nasionale Pers Bpk. Kaapstad, verskyn, en dui die begin van 'n nuwe skeppingstydperk in M.E.R. se loopbaan as skryfster aan. Hoewel die belangrike wetenskaplike Carnegie-studie, 'n groep kinderverhale en 'n vertaling van Tant Alie van Transvaal dit voorafgegaan het, is Drie Vertellings tog die eerste werk van letterkundige betekenis na die verskyning van Onweershoogte in 1927. In teenstelling hiermee het daar in die betreklike kort tydperk, 1944 - 49, 'n hele groep belangrike werke verskyn - twee romans,

'n kultuurhistoriese studie, 'n bundel sketse en 'n kortverhaal. Dit is bepaald merkwaardig dat daar op die verskyning van Drie Vertellings so 'n duidelike oplewing in M.E.R. se skeppingsdrang was en dat dit selfs tot vandag toe nog onafgebroke voortduur.

"Die Susters", die eerste van drie vertellings, is sonder twyfel een van die beste verhale wat M.E.R. ooit geskryf het, hoewel die aantreklikheid daarvan selde by die eerste kennismaking duidelik aangevoel word. Dit is juis 'n beklemtoning van "Die Susters" se voortreflikheid, dat daar by herhaalde kere se deurlees tog elke keer iets aan die voordeeltant gewen word, dit wil sê as die leser die sterk eise wat die skryfster aan hom stel, kan nakom.

Daar word hier vertel van die lewensloop van twee susters, Helena en Hettie, vanaf hul ontwikkelingsjare tuis tot hul uiteindelijke sterfte binne 'n paar uur van mekaar. Die belangrikste gebeurtenisse in hul loopbane is die oprigting van 'n losieshuis na die dood van hul ouers, Helena se huwelik met die wewenaar, oom Thomas, Hettie se verblyf op die dorp en ten slotte Helena se intrek by haar suster na die dood van haar man. Daar is dus min uiterlike handeling, maar die rykdom aan innerlike handeling vergoed meer as ruimskoots vir hierdie oënskynlike gebrek.

Mensbeelding is hier hoofsaak; die skildering van wat M.E.R. beskou het as "die grootste gebeurtenis in 'n mens se lewe - sy eie ontwikkeling, daardie ontwikkeling wat in sy diepste wese aangaan, en waarvoor, soos ek glo, die groot voorreg van om te lewe aan hom gegun word."<sup>2</sup> M.E.R. se belangstelling is hier vir die mens, en die metode wat sy by haar studie gebruik, grens soms aan die maatskaplike "gevallestudie" waar sosiologiese en sielkundige navorsing, en die bepaling van die invloed van een mens op die ander van belang word. So stel M.E.R. dit ook met haar aanhaling uit Spreuke: "Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander." Sorgvuldig word die grond van onbewuste vrees en

begeertes nagegaan, word daar vasgestel hoe oorerwing en veral omgewing die persoonlikhede van Hettie en Helena bepaal het. In die vormingsjare van die susters veroorsaak skielike verarming byvoorbeeld 'n permanente "gegriefdheid" by die jonger suster, terwyl die ouer suster, wat reeds meer karaktervastheid ontwikkel het, slegs leer om ten spyte van moeilikhede nederig en blymoedig te wees. Tydens die eerste periode van saamwoon op die dorp begin die "slypery" van die een suster se persoonlikheid op dié van die ander duideliker sigbaar word. Namate die losieshuis agteruitgaan, groei Helena se minderwaardigheidsvoortuiging totdat sy sonder teenstand die leiding van haar sieklike maar vindingryke suster aanvoer. Met Helena se huwelik verdwyn die spanning tydelik, maar met haar terugkeer dorp toe groei dit aan totdat dit vir albei susters onhoudbaar word. Skitterend teken M.E.R. die verbreking van die spanning wat Hettie se dood meebring: net soos Hettie se liggaam "met die los van die pyn se spanning" somaar inmekaar gesak het, beteken die plotselinge heengaan van haar suster vir Helena nie net verslapping nie maar ook die dood. M.E.R. se motivering is hier duidelik en oortuigend, en die slot van "Die Susters" laat die leser met 'n gevoel van tevredenheid na. Dit is miskien juis die verdieping in sielkundige motivering en haar vermoë om so baie uit 'n doodgewone gegewe te haal, wat hierdie verhaal so ver bo die peil van byvoorbeeld Onweershoogte verhef.

M.E.R. se uitstekende dialoogskrif en haar kenmerkende humor bring 'n mate van beweeglikheid in die langsame en rustige tempo van die verhaal. Na 'n uitvoerige beskrywing van die agteruitgaan van Helena en Hettie se losieshuis, kom die gesprek tussen Ellie en haar/oor die snit van 'n nuwe rok as 'n welkome afwisseling, en gee die leser somer terselfdertyd 'n beter begrip van die tye waarin die vertelling afgespeel word. Die toneeltjie waar die nugtere oom Thomas die ja-woord van tant Helena kom vra, is in sy soort seker net so goed as die beroemde huweliksaansoek van Mr. Collins in Jane Austen se Pride and Prejudice, en die humor

daarvan bring net die mate van ontspanning wat op dié bepaalde tyd-  
stip nodig is.

Inhoud en vorm van "Die Susters" het tot so 'n volmaakte een-  
heid saamgegroei dat hulle 'n onafskeidbare geheel is. M.E.R. be-  
gin met die enkele draad van die verhaal: die gesamentlike vormings-  
jare van Hettie en Helena, dan volg sy eers een rafel daarvan en  
dan 'n ander (Helena se huwelik, Hettie se verblyf op die dorp), om  
dan eindelik die twee rafels weer saam te vleg voordat hul feitlik  
gelyktydig afgeknip word. Alle oortollighede is hier vermy, selfs  
in die kort inleiding word net genoeg gesê om die kontak tussen  
die leser en vertelster warm en innig te maak. Ook die slot kom  
presies op die regte plek en dit word aan die leser oorgeleat om  
sy gevolgtrekkings te maak.

Die vertelling "Bergwind" het in sy oorspronklike vorm reeds  
in Die Huisgenoot van Junie 1922 verskyn. Hierdie skets- onder die  
opskrif - "n Dageis" (deur V.V.D.V.) kom feitlik woordeliks ooreen  
met die gedeelte "Eerste Dag" van "Bergwind", en eindig met die  
gedeelte waar die Bouwman-familie ná die kwellinge van die dag tot  
rus kom met die sing van die lied: " 'n Dageis naderby."

Hierdie episode word in "Bergwind" uitgebou tot 'n hele  
vertelling. Daar word vertel van die verwarring en ontsteltenis  
wat op twee boereplase ontstaan as die onverklaarbare warm bergwind  
drie dae lank feitlik onophoudelik waai. 'n Langdurige kwaai-vriend-  
skap tussen oom Danie Bouwman en mnr. Verwey van 'n aangrensende  
plaas kom tot 'n einde as die jong Tonie Verwey deur oom Danie van  
'n gewisse dood gered word.

Die hoofpersone in "Bergwind", naamlik oom Danie, sy vrou,  
Bettie en Tonie, Dina en <sup>Josina</sup> Regina is almal werklike lewende wesens,  
maar hoewel hul persoonlikhede mooi skerp belig word, is daar tog  
min sprake van ware beelding en ontwikkeling. Dit is die groot ver-  
skil tussen "Die Susters" en "Bergwind": in die eerste vertelling  
kry ons 'n gemotiveerde karakterstudie van twee verskillende

persoonlikhede oor 'n tydperk van jare terwyl daar in die tweede 'n oppervlakkiger beskrywing van 'n hele groep persone en hul onderlinge reaksies binne slegs drie dae gegee word. Die verskeidenheid aan uiterlike handeling in "Bergwind" maak "sielspluisery" ongewens en byna onmoontlik, en versterk die indruk dat hierdie verhaal volgens sy aard en bou veel nader aan die kortverhaal as die novelle staan.

Die vertelster - nie die uitbeelders nie - is in "Bergwind" op die voorgrond, al word die balans tussen die twee deurgaans mooi bewaar, en M.E.R. toon veral hier in hoe 'n mate sy die vermoë besit om "stories te kan vertel." Sy plaas die leser direk binne in die verhaal - daar word nie getalm met 'n onnodige regverdiging vir wat volg nie - en alles verloop vlot en boeiend tot die uitstekende slot. Naas M.E.R. die vertelster is dit veral M.E.R. die tekenaar van binnenshuistoneeltjies wat hier uitblink. Met vroulike plesier beskryf sy al die huislike bedrywighede: die oorleg waarmee geknie, gebak, gekarring, gewas en gestryk word, en die subtiële manier waarop wederstrewige mans en kinders gepaai en beheer word.

'n Laaste treffende kenmerk van "Bergwind" is die metode wat M.E.R. aanwend om 'n bepaalde natuurverskynsel te gebruik as weerspieëling van bepaalde roeringe in die gemoed van die mens, 'n metode wat terselfdertyd help om eenheid en hegtheid aan die bou te verleen. So het die geestesvertwyfeling by oom Danie weerspieëling gevind in die verwarrende wind en het die vrede in sy gemoed na die beëindiging van die rusie met sy buurman ooreengestem met die stilte op die boereplaas na die lang windstorm.

"Kató; en Martjie" is soos "Bergwind" 'n uitbreiding van 'n skets, en het in sy eerste vorm in Die Huisgenoot van 11 Maart 1932 onder die titel "Armoede" verskyn. Hierdie skets het begin met 'n beskrywing van tant Kató se jeug, haar oorlewering aan die armoede en die verbete stryd wat sy haar hele lewe lank daarteen gevoer het. Dit is gevolg deur die varkslag-episode, wat baie

nou ooreenstem met die beskrywing wat in "Kató; en Martjie" daarvan gegee word.

Die aksent word in die vertelling verskuif van Kató tot Martjie, hoewel die Kató-episode in sy geheel behou is. In die inleidende gedeelte wat daaraan toegevoeg word, beskryf M.E.R. haar jeugvriendskap met Martjie en haar omgang met die familie Meier; dan volg die Kato-episode, en ten slotte die liefdesgeskiedenis van Martjie en die uiteindelijke verbreking van haar verlowing met "swaer Petrus."

Dit gaan M.E.R. hier weer hoofsaaklik om mensbeelding en om die skildering van een persoonlikheid se invloed op 'n ander. Sy vertel van mense in wie se dieptes "sterk onderstrome rigting gee," en probeer vasstel watter rigtinggewende element in opvoeding of omgewing hierdie "onderstrome" bepaal en beheer. Een van die "onderstrome" is volgens haar Martjie se "dwangkompleks," haar blinde verset teen enige afdwing van 'n ander se wil of mening op haar eie, en met groot sorg gaan M.E.R. na wat die moontlike oorsaak daarvan kon gewees het. Sy is dus wel geïnteresseerd in die "sielspluisery", wat sy voorheen veroordeel het, as dit enigsins bydra tot 'n beter begrip van 'n karakter se optrede in bepaalde situasies.

Tog het M.E.R. se drang tot agtergrondskildering 'n nadelige invloed gehad op die bou van "Kató; en Martjie." Daar is hier geen sprake van eenheid nie: van Martjie se kinderjare word gesprink na haar uiteindelijke lewe as onderwyseres in die Kaap, dan weer terug na 'n periode voor haar geboorte. Op die beskrywing van Kató se jeug, huwelik en stryd teen die armoede volg die uitbeelding van die volwasse Martjie se liefde vir "swaer Petrus" en selfs dit word vertel asof dit alles lankal afgehandel is. 'n Mens kon ook te sterk onder die indruk dat daar eintlik 'n wanverhouding is tussen wat M.E.R. wil aanbied, en die manier waarop sy dit doen: twee-derdes van 'n verhaal kan immers nie uit blote agtergrond vir die laaste derde daarvan bestaan, sonder om die balans totaal te

verstoor nie.

Die aantreklikheid van "Kató; en Martjie" lê dus nie in die bou nie, ook nie in die eerste plek in die "fyn studie van die mens se geaardheid" wat daarin uitgebeeld word nie, maar in die liefdevolle aandag wat daar aan die "kleine besonderhede" van die daaglikse lewe gegee word. Skitterend beskryf M.E.R. byvoorbeeld die besonderhede van tant Kató se jaarlikse varkie, van sy oulikheid en streke as familietroeteldiertjie tot sy uiteindelijke gedaanteverwisseling in 'n onpersoonlike stuk dampende varkvlies. Met genot vertel sy van die meesterlike gebruik wat van elke stukkie van die vark gemaak word en die vasgestelde volgorde waarmee die Meier-kindere die gesonde kos in hul stelsels absorbeer.

Al hierdie interessante besonderhede word deur 'n uitstekende vertelster aangebied; die tempo is wel langzaam en die toon van die vertelling nadenkend en bespiegeld, maar die aandag van die leser word onmiddellik gewek en tot die einde behou. Soos in "Goedgeluk" tree M.E.R. hier as een van die karakters op, en dit help mee om die harmonie tussen die vertelster en haar stof te bewaar, om reg te laat geskied aan die persoonlike element sonder dat die aanbieding van die stof self daaronder ly.

In Drie Vertellings toon M.E.R. dat sy nie alleen 'n goeie vertelster is nie - Onweershoogte het ons reeds daarvan oortuig - maar dat sy ook met groot liefde, sielkundige insig en fyn verbeeldingskrag die ontwikkelingsgang en verhoudings van die mens kan vasstel en uitbeeld. Haar belangstelling in die mens bring haar daartoe om die invloed van erflikheid en omgewing sorgvuldig na te gaan en haar gevolgtrekkings in die vorm van beeldende toelighting by karakterstudies te gebruik. Al drie vertellings maak die indruk van geheuebeelde van treffende karaktergestaltes en ontroerende lewensverskynsels en het die bekoring van ou kosbaarhede wat met piëteit en stille liefde gehanteer word.

(iii) Die Hol Krans.

Die kortverhaal "Die Hol Krans" het in Januarie 1948 in die kwartaalblad Standpunte verskyn (Jaargang 3, No. 1) - die eerste stuk verhalende prosa wat deur die redaksie as geskik vir plasing beskou is. In 'n aantekening word hiervan spesiaal melding gemaak en daarby word gevoeg dat die redaksie dit as 'n eer beskou om M.E.R. se uitstekende bydrae te kan publiseer om op dié manier "hulde te bring aan 'n skryfster wie se werk in die verlede miskien nog nie die waardering gevind het waarop dit geregtig is nie."

M.E.R. beskryf in "Die Hol Krans" 'n episode in die lewens van die Meurant-gesin: Boeta, sy vrou Marghie, en Johannes, die jong student wat deur sy skielike besluit om as lid van die Britse lugmag 'n lewende aandeel in die oorlog te neem, die grootste verwarring en ontsteltenis by sy moeder veroorsaak. Die kern van die verhaal is die ontwikkeling en uiteindelijke oplossing van hierdie probleem in die gemoed van die moeder, Sara. In 'n poging om die verwyte van haar seun te ontvlug en in stilte die probleem uit te redeneer, besluit sy om 'n paar uur rustig te gaan deurbring in 'n afgesonderde hoekie by die see. Op die sandvloer van 'n uitgeholde rots raak sy uiteindelik aan die slaap, maar ontdek as sy wakker word dat die see so gerys het dat daar skynbaar geen uitkomkans is nie. Die hoogtepunt van die verhaal word bereik in die skitterende beskrywing van Sara se doodsangs as sy haar benarde toestand beseef. Tog is die gevaar nie so groot as wat sy gemeen het nie, en na 'n noodgedwonge verblyf van 'n paar uur in die hol krans kry sy beheer oor haar vrees en 'n bevredigende oplossing vir haar probleem.

Selde het M.L.R. op oortuigender wyse as hier getoon hoe meesterlik sy die kuns verstaan om die fynste innerlike roeringe van die gemoed waar te neem en noukeurig te verwoord - Sara se oorwinning oor die vernietigende vrees word byvoorbeeld duidelik gemotiveer: deur haar aanleg om die waarheid steeds te soek, selfs

die laaste onvermydelike waarheid, kan sy die vrees leer ken as die "aartsvernietiger van verstand en liggaam", as iets objektiefs wat oorwin moet word. Na hierdie oorwinning oor die vrees vir 'n konkrete gevaar is sy onmiddellik in staat om die element van vrees wat die oplossing van haar probleem belemmer, naamlik die vrees vir die vervreemding tussen haar en haar seun, finaal uit te skakel. Soos in "Bergwind" versterk 'n natuurverskynsel hier die sentrale indruk van die verhaal, en smelt saam daarmee tot 'n onskeidbare geheel.

M.E.R. toon in Die Hol Krans dat die streng eise van die moderne kortverhaal vir haar geen moelikhede oplewer nie. Al beswaar wat teen die bou van hierdie verhaal gemaak kan word, is dat die skryfster te lank talm met die voorstelling van die karakters; die lang beskrywing van die aard en ligging van die Waenhuiskrans verhinder die flink begin wat 'n noodsaaklike vereiste van enige kortverhaal is. Dit is in die verhoging van die spanning en die uiteindelijke klimaks dat M.E.R. haar vermoë om pakkende psigologiese handeling uit te beeld, die voortreflikste last blyk; net jammer dat die spanning efiens verslap word deur ons besef dat Sara, wat as vertelster optree, noodwendig aan die gevaar moet ontkom het. Na die oplossing kom die verligting van die spanning: namate die sterkte van die water en die gevaar daaraan verbonde afneem, kom daar dieselfde wending tot kalme en besinning in die gemoed van die hoofkarakter: "Ag! - die angs is weg; nou kan ons maar wag."

M.E.R. se twee bundels verhale, Onweershoogte, Drie Vertellings, en "Die Hol Krans" is nie heeltemal gelyksoortig wat aard en bou betref nie. In die kort verhale van die eerste bundel is die aksent in baie opsigte meer op die pedagogiese as op die literêre, in die langer vertellings van Drie Vertellings word die uitbeelding van die mens se ontwikkelingsgang en onderlinge verhoudings veral van belang, terwyl pakkende sielkundige handeling in Die Hol Krans hoofsaak is.

Ons leer M.E.R. in hierdie bundels ken as die vertelster van verhale: kortverhale, soos "Boodskap uit die Doderyk" en "Die Hol Krans", of langer vertellings soos "Die Susters" en "Goedgeluk". Watter vorm M.E.R. ook al kies, oortuig sy ons steeds deur haar besonder boeiende verteltrant en haar vermoë om werklik pakkende "stories" te kan vertel. Die kort vorm van die verhaal pas M.E.R. uitstekend, en dit is slegs enkele kere dat haar langerige vertellings 'n neiging tot vormloosheid toon.

(b) Romans.

(i) Na Vaste Gange.

Die roman Na Vaste Gange het in dieselfde jaar as Drie Vertellings verskyn, naamlik 1944, en is veral van belang as M.E.R. se eerste poging om die roman te gebruik as uitingsvorm vir haar kuns. Dit is betekenisvol dat M.E.R. so laat in haar skrywersloopbaan tot hierdie keuse gekom het, en is miskien 'n aanduiding van 'n mate van onsekerheid by haar oor die geskiktheid van hierdie groter en veeleisender vorm vir haar spesifiek persoonlike kuns.

Die roman is gebaseer op 'n verhaal wat die skryfster in die voorwoord gee, die verhaal van die "Weduwee Kundu" wat in die Twintiger jare aan M.E.R. vertel is. Dit handel oor die huwelik tussen 'n ryk Indiese handelaar, met 'n jong Hollandse vrou en die skielike dood van die Indiër na 'n paar maande van getroude lewe. Die skurk van die verhaal, Lodewyk Valkenburg, wen die weduwee se vertrouwe en probeer beheer oor haar besittings kry, maar word betrap voordat hy haar te veel skade kan berokken. Hy slaag tog daarin om te ontsnap en niemand hoor ooit weer van hom nie. Die weduwee Kundu trou later met 'n vermoënde man. M.E.R. volg hierdie verhaal slegs in die eerste helfte van haar roman, en bring selfs hier kenmerkende wysigings aan. Sy kies byvoorbeeld die Transvaalse laeveld vir haar omgewing, 'n distrik wat sy self leer ken

het as die toevlug van baie "sonderlinge" karakters van allerhande nasionaliteite; en laat haar heldin, Marianna, uiteindelik tot rus kom op Retief, wat volgens alle aanduidings M.E.R. se geboortedorp, Swellendam is. In die tweede gedeelte van die roman laat M.E.R. feitlik alle verband met die Kundu-verhaal vaar; die enigste verband wat nog blyk is die voorstelling van Marianna as 'n oortreër wat "deur die ondervinding wat die botsing haar laat opdoen het, des te beter dienste aan die maatskappy kan lewer." Die aksent val dus nie so seer op die "oortreding" - gedeelte van die boek nie, maar op die "dienste aan die maatskappy" wat so 'n oortreding kan veroorsaak. Dit neem hier die vorm aan van 'n maatskaplike eksperiment: deur 'n praktiese opvoedingskema probeer Marianna om die dogters van die agterlike Melkhoutrivier-gemeenskap op so 'n wyse op te voed dat hulle die proses van opheffing later in hul eie gesinne sal kan voortsit. Met behulp van 'n dokter, verpleegster en 'n skoolmeester verdiep die heldin haar so in hierdie taak dat sy voortdurende vrede vir haar gemoed vind. Van haar "huwelik met 'n vermoënde man" word niks gerep nie.

Met die uitsondering van die heldin, die skurk en die Indiër kan al die karakters van Na Vaste Gange sonder moeite ingedeel word in twee duidelike groepe. Die sterk geïdealiseerde "hervormers" aan die een kant en die simpatiek maar realisties beskoude "armblankes" aan die ander. Die belangrikste hervormers - naas die heldin - is die dokter, Roelf van Vuuren, sy vrou Lucia, 'n verpleegster, die skoolhoof op Retief, Hendrik Mentzel, sy vrou, en haar Oupa en Ouma, ook twee Retiefers. Behalwe Gom Thys en tant Bappie, wat simpatiek uitgebeeld word, is dit nogal moeilik om die ander groep karakters van mekaar te onderskei, veral miskien omdat hulle so dikwels met die stem van M.E.R. self praat. So laat M.E.R. byvoorbeeld vir Hendrik Mentzel die opinie uitspreek dat "beredeneerde oordeel" nooit die plek van die rigtinggewende "onbewuste oordeel" kan neem nie, 'n opinie wat sy self so dikwels

uitgespreek het dat dit in die mond van 'n ander onoortuigend klink. Hinderlik is dit as ook Lucia 'n soortgelyke gedagte uitspreek. "Daar is iets in jou, ek dink 'n mens is daarmee gebore - dit is op slot van sake die rigtingsangewer." M.E.R. het hier sekerlik nie verhoed dat "haar mense almal met haar gedagtes rondloop nie", en beslis nie "in hul eie redagtewêreld nie." Die Melkhoutriviergemeenskap staan ons veel helderder as individue voor die gees as hul "hervormers". Koos en Emma Freiler, die verstandige tant HESSIE en oom Josef, die jong Piet en Lena, die armsalige Wiesie, en veral die mooi Dorie Freiler word realisties en tog simpatiek uitgebeeld, en hul "individueelheid" word deurgaans bewaar.

Minder geslag is die karaktertekening van die baasskurk Valkenburg. Omdat hy toevallig 'n Afrikaner is, voel M.E.R. verplig om 'n lang uiteensetting van die omstandighede wat tot sy vorming as skurk aanleiding gegee het, te gee. As maatskaplike studie is hierdie verklaring wel interessant, maar die geringe rol wat Valkenburg in die verhaal speel, regverdig hierdie uitvoerigheid nie. Die karakterontwikkeling van die hoofpersoon, Marianna van Eyck, word noukeurig beskryf en gemotiveer - by die heldin is dit natuurlik in orde - maar haar persoonlikheid bly vaag en swak onlyn, miskien omdat sy ook so dikwels as M.E.R. se spreekbuis moet optree. Haar geesdrif vir maatskaplike diens, haar besef dat in die huisgesin "alles van die vrou afhang", dat die vrou die belangrikste vormer van die mens is, en dat 'n mislukte huwelik die "grootste ramp is wat op 'n vrou se lewe kan kom", dit alles stem nou ooreen met M.E.R. se persoonlike opvattinge, so nou, dat Marianna se identiteit as afsonderlike karakter heeltemal verlore gaan. In die eerste deel van die roman het sy nog 'n mate van selfstandigheid: haar geestelike siekte - die onvermydelike "siektes-teensin" in haarself wat haar onnatuurlike huwelik veroorsaak het - word na die dood van Kundu byvoorbeeld goed verklaar, maar dit is van die enkele kere dat Marianna se reaksies duidelik van M.E.R. s'n onderskei kan word. Wat Kundu betref, erken M.E.R. meer as een maal dat sy nie

in staat is om die gemoed van 'n Indiër te peil nie: "Hoe om Kundu aan die leser voor te stel - ek moet sommer reguit sê, dit weet ek nie." Tog het M.E.R. dikwels laat blyk dat die mentaliteit van die Indiër haar besonder interesseer - effens rebels in hierdie opsig - en het sy moeite gedoen om in persoonlike aanraking te kom met vooraanstaande Indiërs soos Sarojini Naidu en die beroemde Sastri. Maar hierdie kennis kon haar darem nie so ver bring om 'n enigszins oortuigende beeld van die heer Kundu te gee nie.

Die vorm van Na Vaste Gange is soos die karaktertekening baie onoortuigend. Die opvallendste gebrek is seker die duidelike skeiding tussen die eerste en laaste gedeeltes van die roman en die gebrek aan 'n duidelike verband tussen die twee. Van logiese ontwikkeling in die afsonderlike dele is daar ook min sprake, en mens mis die gevoel van innerlike noodsaak wat een gebeurtenis onvermydelik in 'n ander laat voortbly. Die boek wemel ook van oortollighede: die Valkenburg-episode, die voorval met verpleegster Maré en die Costendals, en die reis na Holland dra byvoorbeeld in geen opsig by tot die ontwikkeling van die hoofmotief nie en kon sonder skadelike gevolge weggelaat gewees het. 'n Ander faktor wat die verbrokkeling van die eenheid vererger, is M.E.R. se "gevalle-studie-metode" wat sy herhaaldelik toepas. Dit is tegnies bepaald hinderlik as sy telkens van die hooftema wegswenk om uit te wei oor die agtergrond en opvoeding van onbelangrike karakters.

Die groot gebrek in Na Vaste Gange is dus dat M.E.R. die maatskaplike werkster vir M.E.R. die kunstenaar feitlik heeltemal verdring het. "Die kuns van aankant maak wat verkeerd is in gesins- en volkshuishouding" is al kuns wat sy hier wil ken. Daarom vestig sy die aandag so sterk op sake soos skadelike voortplanting en geboortebepanking (vergelyk die "Wiesie-geval"), die waarde van sielkundige toetse op agterlike kinders, die gevare van gemengde huwelike (vergelyk die Dudley-geval), die gebrek aan verantwoordelikegevoel en selfstandigheid by die armlankes, en veral die plek van die moeder en dogter in die arm huisgesin. Die grootste maatskaplike probleem in die roman - die probleem

wat die belangrikste deel daarvan moes gevorm het - is dié van 'n huwelik tussen 'n blanke en 'n Indiër. M.E.R. het dit egter in so 'n mate ontduik dat daar van 'n gemotiveerde uitbeelding geen sprake kan wees nie. Om die leser van die waarheid van die geval te oortuig, maak sy van 'n "voorwoord" gebruik, wat haar dan van die verantwoordelikheid onthef om dit deur middel van haar pen as kuns waar te maak. Daarby maak M.E.R. vir haarself die probleem onnodig moeilik deur Marianna as besliste Afrikaner voor te stel. Sy slaag nie daarin om te laat blyk hoe Marianna so 'n onafrikaanse daad kan begaan om die kloof tussen kleur en kleur te probeer oorbrug nie. Die plotselinge dood van Kundu is ook te veel van 'n deus ex machina. / M.E.R. het inderdaad "te veel aangepak in een boek; daarom staan haar ontwikkelings nie helder uit nie."<sup>3</sup>

Esteties is die natuurbeelding van Na Vaste Gange die bevredigendste: die skildering van tonele in die Transvaalse laeveld hoort sonder twyfel tot die beste dele van die boek. Die sekerheid van eie kennis en ervaring spreek uit elke reël daarvan en tref die leser deur die indruk van egtheid en deurleefdheid. In sy geheel gesien, lê die waarde van Na Vaste Gange egter in die eerste plek meer in die opvoedkundig-sosiale eksperiment as in enige letterkundige verdienstes.

(11) Die Eindelse Waagstuk

Die jongste werk van M.E.R., Die Eindelse Waagstuk, wat in 1948 (by die Nasionale Pers Beperk) verskyn het, sluit wat vorm betref by haar Na Taste Gange aan.

Die hoofmotief van hierdie verhaal is die "eindelse waagstuk" van die huwelik - in besonder die huwelik van Rensie Theunissen en Lukas Steinbach - en 'n waagstuk wat hier misluk, ten spyte van die voorspoedigste vooruitsigte. Die inleidende gedeelte van die boek vertel van Rensie en haar broer Gert se jeugjare as pastoriekinders en hul kennismaking met 'n arm gesin in die gemeente: Hannie, Maans, hul seuntjie Andries en 'n aangenome dogtertjie, Nelia. Rensie leer die 26-jarige Lukas Steinbach ken as vooruitstrewende en ambisieuse voorman in 'n fabriek, wat 'n verbete stryd teen sy armoede voer. Aangetrek deur sy sterk persoonlikheid en onoorwinlikheid, neem Rensie later sy huweliksaansoek aan, en word in haar besluit deur haar ouers gesteun - hulle is immers deur sorgvuldige navrae oor Lukas se agtergrond en lewenswyse oortuig van sy eerbaarheid. Maar dit is die onberekenbare element, die onvermoë van die mens "om liefde en haat vooruit te weet", wat bepaal dat die huwelik sal misluk. Lukas se handelwyse by die dood van hul eerste seuntjie bring die eerste verwydering en sy onbeheersde gedrag teenoor Rensie se intiemste vriendin, Nelia, veroorsaak die finale breuk. Ten spyte van hierdie mislukte huwelik as voorbeeld, besluit Nelia en Gert tog om die "eindelse waagstuk" op die proef te stel met die verskil, dat hul "skoonveld om hul uitgangspunt maak", en mekaar se diepste begeertes vroegtydig leer ken.

Die karakters wat in Die Eindelse Waagstuk optree, is veel interessanter gekies as in M.E.R. se eerste roman; mense soos Rensie en Lukas, Gert, Nelia en Hannie voer elk 'n aparte bestaan en hul optrede word nie bepaal deur 'n vooropgestelde sosiologiese gegewenie. Tog word hulle in 'n groot mate nog beskou vanuit die bepaalde standpunt van 'n vrou, en van 'n vrou met M.E.R. se insig en oortuigings. Veral die manlike karakters - Lukas in die besonder-

ly<sup>aan</sup>'n oncoortuigende, eensydige uitbeelding, en ontwikkel selâe tot meer as blote tipes. Soos Rheede in "Goedgeluk" word Lukas voorgestel as 'n gemene skurk wat deur 'n aantreklike persoonlikheid daarin slaag om die liefde en toewyding van 'n vrou te wen, om dan as gevolg van "sy verdiepthed in homself, sy onbewustheid van ander se belange en gevoelens," daarop te teer totdat dit kapot is. Aan hierdie patroontjie kleef M.E.R. nog vas en gee by die uitbeelding van Lukas se karakter, slegs 'n enkele insiggewende beeld; dit is as hy na sy finale breuk met Rensie, alleen in die tuin rondstap en sy "maatskaplike bankrotskap" oorpeins. Plotseling word sy hele persoonlikheid helder belig, en sy gebrek aan menslike warmte, sy onvermoë om vrou en kinders as iets anders as blote besittings te beskou, en sy heimlike minderwaardigheidscoortuiging, duidelik en menslik. Maar dit is nie genoeg om die indruk van eensydige uitbeelding te verwyder nie. By die voorstelling van die vroulike figure, haper daar niks aan M.E.R. se vermoë om met wysheid en simpatieke menslikheid die onderlinge verhouding van die twee vriendinne uit te beeld nie. Rensie en Helia het natuurlik elk 'n goeie stuk van M.E.R. self weg: Rensie onder meer met haar strewe na selfkennis en na die uiteindelijke waarheid van alle dinge; Helia met haar liefde vir blomme se fynhede van struktuur en "die anatomie van die kleines in die natuur." Tog word hierdie ooreenkoms nooit hinderlik nie.

Met die werklik boeiende hoofmotief in Die Eindelose Wangstuk naamlik die huwelik van Rensie en Lukas - is dit moeilik om te verstaan waarom M.E.R. so getalm het met die voorstelling daarvan: die hele Means-Hannie geval word eers uitvoerig behandel sonder dat die rol wat hul in latere verwickelings speel dit enigsins regverdig. Die insluiting van Gert en Rensie se kinderjare moet waarskynlik weer verklaar word as 'n begeerte van M.E.R. om die invloed van oorerwing en omgewing sorgvuldig te bepaal, want dit is origens van min belang by die ontwikkeling van die sentrale probleem. Die spanning van die verhaal word nog verder verslap deur M.E.R. se

neiging om dinge klaar te laat gebeur sodat sy dit in die vorm van terugskouende boelding kan gee; soms verlewening deur middel van 'n gesprek - byvoorbeeld Gert se relaas van Lukas se doen en late in die Baai, en Rensie se reaksies daarop - of as blote oortelling - soos die beskrywing van Lukas en Rensie se gedrag by die dood van hul eerste seuntjie. Die uitetekende situasietekening wat M.E.R. enkele kere aan die dag lê, byvoorbeeld by die skildering van die voorval met Iris Erikse, en die botsing tussen Lukas en Nelia, is 'n oortuigende bewys dat hierdie terugskouende metode nie die resultaat van onvermoë is nie. Daarom is dit so jammer dat direkte uitbeelding van dramatiese botsings nie meer dikwels kon afwissel met die lang stukke beskouende prosa nie.

Die maatskaplike probleem wat M.E.R. in Die Eindelose Waagstuk aangepak het, is die huwelik: in die eerste plek van Lukas en Rensie, en in 'n veel mindere mate dié van Maans en Hannie, en Gert en Nelia, maar nóg in die eerste geval nóg in die twee ander word 'n oortuigende en intieme beeld van die huweliksewe gegee. M.E.R. se basiese begrippe aangaande die huwelik - dat dit "'n ondervinding is wat tot in die wortels van die mens se aard inslaan en in al die vertaktings van sy lewensbedrywighede gevoel word," en dat dit 'n "eindelose waagstuk" is - word wel beklemtoon, maar die werklike reaksies van die persone wat deur 'n huwelik gebind word, is nie so oortuigend uitgebeeld dat die waarheid van hierdie bewegings vanself duidelik word nie. Die behandeling bly deurgaans effens stereotiep. Reeds die feit dat daar 'n sprong gemaak word van Rensie en Lukas se eerste huweliksjare tot vyftien jaar daarna, toon aan hoe die probleem in 'n sekere mate tog ontduik word. Soos in Na Vaste Gang is dit meer die maatskaplike aspek van die huwelik as die persoonlike wat beklemtoon word, en meer die rol van die vrou by die vorming van die kinders, as die standpunt van die man. Die insluiting van 'n gedeelte uit 'n vroeër skets - "Vondelingetjie", waarin die kansse van 'n aangenome dogtertjie (Nelia in Die Eindelose Waagstuk) op 'n rooskeurige toekoms bespreek word, met die oorweging

van voor- en nadele, soos die "ambisie van haar moeder" (Hannie) teen die gesukkel van 'n aangenome pa" (Moans), vestig verder die aandag op die sosiologiese element in die roman.

Na 'n beskouing van Na Vaste Gange en Die Eindeloze Waagstuk, is dit moontlik om 'n betreklike goeie beeld van M.E.R. se bekwaamhede as romanskryfster te kry, veral omdat die twee romans binne een dekadé verskyn het, en op 'n tydstip toe M.E.R. reeds alle moontlike genres aangepak het. Dit is geen onregverdig kritiek om duidelik te konstateer dat die roman van al die genres die minste geskik is as uitingsvorm vir M.E.R. se kuns nie, en dat dit geen geleentheid bied vir die goeie dinge wat sy in staat is om te gee nie. Haar onvermoë om die omvangryke vorm van die roman volkome te beheer - een van die opvallendste gebreke - is heel waarskynlik te wyte aan die voorkeur wat sy gee aan "WAT gesê word", bo "HOE iets gesê word". Die sosiologiese gegewe, wat so dikwels bepaal het wat sy sal skryf, het M.E.R. herhaalde kere verlei om minder belangrike besonderhede in verband met opvoeding en oorerwing te beklemtoon. Die gevolg hiervan is die verwaarloosing van innerlike ontwikkelings (byvoorbeeld in die gemoed van Lukas in Die Eindeloze Waagstuk en Marianna in Na Vaste Gange) en 'n konsentrasie op die "uitwerking wat dit op die wêreld vol lewe het." Mensbeelding bly darem nog steeds die middelpunt van M.E.R. se belangstelling en betragting - soos dit ook in die korter vertellings was - maar die nadenkende en bespiegelende toon wat die leser daar kon boei, word in die romans op die lange duur vervelig, en die gebrek aan direkte en dramatiese uitbeelding dra hiertoe by. Dit kom alles dus hierop neer dat die genre van die roman die mooiste en waardevolste elemente in M.E.R. se baie persoonlike kuns feitlik geheel en al verlore laat gaan en geen kompensasie vir hierdie verlies kan aanbied nie.

(c) Essays.Lit en Tuis.

Die opstelle wat in Uit en Tuis (Nasionale Pers 1946) byeengebring is, verteenwoordig M.E.R. se persoonlike keuse uit haar joernalistieke werk wat in die tydperk 1922 - 1938 in Die Burger, Die Huisgenoot en Die Brandwag verskyn het. Ee haar keuse moes M.E.R. noodwendig die talle artikels wat oor bepaalde tydsprobleme gehandel het (byvoorbeeld die opkoms van die vrou in die politiek, die arzblankevraagstuk, e.d.m.) buite rekening laat, en haar bepaal by die stukke wat van meer universele belang is. Tog gee die sketse in hierdie bundel ons 'n baie goeie begrip van M.E.R. se joernalistieke begaafdhedede. Hoewel ons haar dus nie as uitgesproke pedagoog leer ken nie - en sy het op hierdie gebied 'n wesenlike bydrae gelewer - toon die Uit en Tuis - sketse waartoe sy in staat is as die pedagogiese en literêre elemente in haar kuns geen perke aan mekaar hoef te stel nie. As joernalis kon M.E.R. immers tegelyk letterkundige en pedagoog wees.

Lit en Tuis bied 'n groot verskeidenheid stof aan en al gemeenskaplike kenmerk wat die sketse besit, is hul eg-Afrikaanse kern, die Suid-Afrikaanse berge, riviere, blomme, veld, 'n ou Kaapse dorp met sy inwoners - blank en gekleurd, ryk en arm, en die persoonlikheid van die skryfster self. Die uiteenloper<sup>d</sup>heid van die temas en die lang tydperk waaroor hul geskryf is, veroorsaak 'n groot wisseling in die gehalte van die sketse: aan die een kant is daar die swakkeres soos "Maskam" en "In Wonder", maar aan die ander kant sulke kunswerkies soos "Lig Loop" en "Op die Kemiesberge" waar M.E.R. met doodgewone Afrikaanse woorde haar plesier aan fyn en mooi dingetjies skitterend tot uiting laat kom.

Van die treffendste kenmerke wat M.E.R. in Uit en Tuis toon, is haar onvervalste opregtheid en haar intieme kennis van alles wat in verband staan met die Afrikaner en sy land. Die groot

betekenis van M.E.R. se sketse lê miskien juis daarin dat daar in hulle van die egte ou dinge vertel word wat vandag reeds aan die uitsterf is en wat heeltemal verlore sou gaan as iemand hulle nie op 'n blywende manier sou vas lê nie. Hierdie skynbaar onbelangrike nietigheidjies waarvan M.E.R. vertel; 'n plaasskool van vanslewe se dae, outydae blomtuine en doopsondae, is wel belangrik omdat hul deel gevorm het van 'n Afrikaanse lewenswyse wat vandag al heeltemal van die toneel verdwyn het. Niemand besef dit beter as M.E.R. nie, en daarom waarsku sy: "Koenie dat ons die paar kosbare herinnerings aan 'n groot verlede - die paar wat nog oorbly - ook laat verlore gaan nie. Hou vas!"<sup>4</sup> Sy is van die min skrywers wat nog in staat is om uit eie ervaring van "die ou goed, die eie goed wat mooi is,"<sup>5</sup> te vertel.

Didaktiek en kuns het in Uit en Tuis soos in geen ander boek nie tot 'n ideale versoening gekom. As M.E.R. die liefde vir eie bodem indirek wil aanmoedig, sien sy die Afrikaanse berge, veld en blomme in die eerste plek as dinge wat dié kant van haar bevredig wat "net deur kuns gevoed kan word." Dit is immers daardie kant van haar "wat haar laat plesier kry in die oop veld wat sy deur haar kamervenster aanskou." Die sweempie van didaktiek en die enkele tikkies van die sosiologiese in Uit en Tuis is volkome in harmonie met die literêre kenmerke van haar kuns.

Die vorm waarin M.E.R. haar gedagtes en betragtings gestel het, naamlik die skets of Essay, pas haar uitstekend. Die intieme toon van die essay stel haar in staat om die leser, wat sy steeds voor oë het, geheel en al in haar vertroue te noem, sodat hy van die begin af ontvanklik gestem is, en met die skryfster wil saamwerk. Die essay behels verder enige moontlike menslike belangstelling: Addison gebruik dit vir maatekaplike kritiek, Lamb onder andere vir toneelkritiek en die veroordeling van slegte maniere, Hazlitt vir

4. D.B. 25/10/22

5. D.H. 5/12/30.

filosofie en sielkunde, en soos hierdie skrywers besit M.E.R. die vermoë om oor skynbaar onbeduidende stof iets interessants te vertel. Dit is te danke aan haar besonder fyn opmerkingsvermoë en haar talent om die "kleine besonderhede" wat sy opgemerk het, te verwoord en tot 'n kunstige geheel saam te stel.

Haar verdiepthed in "die anatomie van die kleines" en in fynhede van struktuur het haar terselfdertyd in staat gestel om die fraai passende tekeninkies te maak. Soos vir Nelie in Die Eindelose Waagstuk is 'n blom vir M.E.R. "nie alleen 'n openbaring van lewende klour en vormfynheid nie; ook nie net 'n saamstellingswonder van doeltreffendheid nie," maar albei tegelyk. Dit is ook wat sy in haar Bergkatjiepiering - en Geel Tulbandjie-illustrasies probeer weergee het.

Deur die keuse van onderwerp en haar bepaalde belangstelling sluit M.E.R. met haar sketse aan by Afrikaanse skrywers soos Langenhoven, Von Wielligh, Leipoldt en Boerneef. Ook F. Linde en C.G.S. de Villiers probeer later in hierdie trant skryf. Dit is opvallend hoe die eerste groep skrywers - almal ongeveer van een geslag - dieselfde neiging toon om met byna Renaissancistiese ywer die skoonhede van die Suid-Afrikaanse natuur te ontdek en op te noem. By Leipoldt het die oproep en opnoem van landdele en plekname feitlik 'n kultus geword; by Von Wielligh is die besonderhede van plante en diere effens bederf deur die oncoortuigende epiese laag waarmee hy dit probeer aanbied; maar M.E.R. het geweet om oorbodighede te vermy, en in 'n skets soos "Op die Kamiesberge" met die vervoering van 'n Leipoldt oor die Namakwalandse blommeprag te skryf: "Dit is rooi en geel en blou oor elke sagte helling en vlaktetjie; dit gloei tussen litjiesbos en teaibos en doringbos en vygiebos; dit stoot soos kleurgolwe toen die kranse uit; dit is myle en myle aanmekaar." Dit is stukkies soos hierdie wat mens finaal oortuig dat M.E.R. "as essays haar grootste bydrae tot ons letterkunde gemaak het".<sup>6</sup>

(d) Studies.(1) Oorlogsdagboek

Hoewel M.E.R. haarself met kensmerkende nederigheid as "totaal onwetenskaplike mens"<sup>7</sup> bestempel het, het sy in haar uitstekende studies van bepaalde verskynsels en ontwikkelings sonder twyfel bewys dat die essensieelste eienskappe van die wetenskaplike tog by haar teenwoordig is. Reeds haar jeugbelangstelling vir metkunde is 'n aanduiding van haar vermoë om die nodige gegewens van 'n probleem vas te stel, hul verhouding tot mekaar te bepaal en na noukeurige oorweging tot 'n gegronde gevolgtrekking te kom.

In haar inleiding tot die Oorlogsdagboek gee M.E.R. 'n noukeurige en goed oorwoë kultuurhistoriese studie van die "Ontwikkeling van 'n Afrikaner." Die opstel het vir die eerste keer in Die Kuisgenoot (13 Augustus tot 3 September 1943) verskyn en het destyds reeds die aandag getrek as 'n uitmuntende boeiende van die ekonomiese en maatskaplike toestande in die distrik Swellendam gedurende die 19de eeu, wat so 'n bepaalde invloed op die karakter van die inwoners gehad het dat dit gekulmineer het in die rebellie gedurende die 2de Vryheidsoorlog. Met die aantekeninge wat haar broer Frederik (Gurk) Rothmann in die jare 1900 - 1901 op kommando gemaak het voor haar, probeer M.E.R. om in die noukeurige studie van hierdie enkeling se agtergrond en opvoeding die uitleg te vind vir 'n verskynsel wat by talle Bolandse jongmense van daardie dae gevind is, naamlik die begeerte om wraak te neem vir die gemeenskaplike vernedering en verdrukking wat hul van kindsbeen deur hul oorheersers aangedoen is. M.E.R. probeer hier nie die sielkundige konflik in die gemoed van haar "tipe van 'n groot massa" na te gaan nie - sy besef dat sy nie met gesag oor sielkundige verskynsels kan praat nie - maar bepaal haar by 'n skadelike invloed wat sy nie alleen by haar broer gade geslaan het nie, maar ook self ondergaan het, 'n invloed wat volgens haar sy oorsprong

gehad het in die "oorheersing in die samelewing van die Engelse element oor die Afrikaanse."

M.E.R. se opstel gee ons 'n baie goeie beeld van historiese toestande in 'n geskiedkundige ou dorp, maar laat terselfdertyd duidelik blyk hoe ekonomiese strominge die Afrikaner se snelle agteruitgang tot armoede en minderwaardigheid moontlik gemaak het. Geen bande word hier gelê aan M.E.R. se didaktiese en sosiologiese neigings nie; intendeel, dit verhoog hier die waarde van die studie omdat dit haar in staat gestel het om belangrike materiaal op te spoor en die invloed daarvan op die mens reg te interpreteer. Hierdie uitlewing van wat in suiwer letterkundige genres onderdruk moes word, veroorsaak 'n pragtige rustigheid van aanbieding van wat M.E.R. met sielkundige insig en fyn verbeeldingskrag gesien en omgewerk het.

(ii) Die Moeder en Dogter van die arm gesin.

Toe M.E.R. as Organiserende sekretaresse van die Afrikaanse Christelike Vroue-Vereniging, omstreeks 1928, gevra is om aan die wetenskaplike Carnegie-onderzoek na die armblanke-probleem in Suid-Afrika deel te neem, het sy 'n geleentheid gekry waarna sy lank gesoek het, naamlik om te probeer vasstel wat die rede is "dat ons mense so in die armoede bly". Reeds in 1922 het sy in die kolomme van "Vrouesake" gepleit: "Mans wat ons sake bestuur, kan julle nie 'n plan daarmee maak nie?" Mens stel jou dus voor dat sy met genot en geesdrif haar gedoelte van die groot werk, Die Armblanke-Vraagstuk in Suid Afrika moes aangepak het.

Die "wetenskaplikheid" van M.E.R. se metodes kan deur 'n oningewyde hier nie beoordeel word nie, maar wat wel van betekenis is, is die realistiese maar simpatieke manier waarop sy ons enkele kykies gee in die gemoedslewe van moeders en dogters in veewagters, dagloners, delwers, en trekkershuisingesinne, ( sy het altesaam 462 gesinne besoek! ) "Onwetenskaplike" menslikheid straal byvoorbeeld

uit haar beskrywing van die afgetobde mev. J, wat sy self aan die woord stel: "Ag miesies, as ek die wa aflaai, en ek weet ek moet dit oor 'n tydjie weer opklaai, en dit met so 'n liggaam, dan dink ek, waaroor sal ek so aanhou?" Ook in die uitbeelding van die jong mev. X wat probeer uitlê hoekom sy met 'n niksnuts getroud is: "Nee, sien miesies, ek sal vir Antie sê. Dis my Ma. Die ou het so by my Ma aangehou.....nou ja, toe trou ek maar." Dit is hier die-<sup>8</sup>selfde M.E.R. wat jare later die Melkhoutriviergemeenskap van Na Vaste Gange aan ons sou voorstel, en tegelyk ook die onderwysers en dokters en maatskaplike werksters wat haar in haar Carnegie-studie so behulpsaam was.

Dit moes M.E.R. diep bevredig het om in haar samevatting te kan konstateer dat daar onder arm Afrikaners nie huiensporige tekens van sosiale ewels soos dronkenskap, misdadigheid en swak-sinnigheid gevind word nie; daar is aanduidings dat sy vroeër nie geheel en al in haar eie gemoed hiervan cortuig was nie. Die tekortkominge wat sy wel raaksien, onder andere 'n lae opvoedingspeil, onbelesenheid en 'n gebrek aan maatskaplike sin, beklemtoon sy egter, nie alleen in hierdie studie nie, maar ook direk of indirek in haar latere skeppinge.

Daar kan hier terloops ook op gewys word dat M.E.R. se belangstelling in die wetenskaplike bestudering van maatskaplike probleme nie met die beëindiging van hierdie bepaalde ondersoek verflou het nie. In 1940 het 'n tweede Carnegie-opstel van haar verskyn - dié keer in Engels - waarin die resultate van persoonlike navorsing in die Kentucky-gebied van die Verenigde State en die Knysna-distrik van Suid-Afrika onder die titel A Comparison uiteengesit word.

8. Die Armblinke-Vraepestuk in Suid-Afrika: bls. 165.

(e) Kinderverhale.

As onderwyseres "met die ondervinding van twintig jaar wat in plattelandsonderwys deurgebring is", het M.E.R. vroeg reeds begin besef dat die Afrikaanse kind nooit met goeëdrif sal leer lees nie solank as die taalmedium en inhoud van sy leesboeke vir hom heeltemal vreemd bly. Om sy leeslus aan te wakker, het sy dus eers Engelse verhaaltjies vertaal en later oorspronklike stukkie begin skryf wat meer kan aansluit by die plaaskind se lewenswyse en omgewing. Dit was dus veral plattelandse onderwysers wat pionierswerk in hierdie verband gedoen het, en met regaartige trots skryf M.E.R. in Die Burger van 25 Augustus 1923: "Ons onderwysers is die fondament-lêers, al sê ons dit self!" As redaktrise van die rubriek "Vir die Kinders" in Die Boerevrou het sy 'n uitstekende geleentheid gehad om haar werk voort te sit en sy het ten volle daarvan gebruik gemaak. Toe sy later lid van Die Huisgenoot se redaksie was, kon sy 'n wyer leserskring bereik en terselfdertyd die beste van haar stukkie versamel en in boekvorm by die Pers uitgee.

In 1921 het haar eerste Sangspeletjie (by van Schaik Boperk, Pretoria) verskyn onder die titel Die Mieliedogter, in die vorm van 'n gedramatiseerde voorstelling van die ontwikkeling van koring tot brood. Interessante karakters soos "die Mieliedogter" self, "Huisvroutjies", "Handelaars" en "Boerseuns" het daarin opgetree. In 1925 het nog drie toncelstukkie by die Nasionale Pers verskyn, waarvan Die Verlore Speelmaat en Die Berg en die See vroeër in Die Huisgenoot gepubliseer is. In Die Veldkinders vertel 'n kenner van Suid-Afrikaanse veldblomme van al hul besondere eienaardighede byvoorbeeld van die Landblom, wat sy self aan die woord stel:

"Wyd sprei ek my kelkies oop,  
 Motte drink my soete stroop".....ens.

Ook in Die Verlore Speelmaat tree Suid-Afrikaanse blomme as karakters op, byvoorbeeld "Guma Melkboom", "Duineriet", "Hottentotsvy" en "Suurvy", en in Die Berg en die See weer "Silwerboombroers" "Teaibosbroers", "Heideblomme" en "Sleuteltjies".

Dit is bepaald die moeite werd om kennis te neem van M.E.R. se twee belangrikste kinderverhale: Kinders van die Voortrek en Jong Dae. In Kinders van die Voortrek wat reeds in 1920 (by De Nasionale Pers, Bloemfontein) verskyn het, word vertel hoe Cert en Mina, die twee kinders van Gerhardus de Lange van Diepkloof, Vervivier, die Groot Trek meegemaak het. M.E.R. se doel is hier hoofsaaklik om die kinders in hul eie geskiedenis te laat belangstel en in haar voorwoord beveel sy die boekie ook aan as hulp by geskiedenislesse in die primêre skool. Sy het uitstekend in haar doel geslaag, en veral omdat sy die gebeurtenisse so helder voor die gees gesien het en so vanuit die hart geskryf het, kon sy dieselfde gemoedsbeweginge by haar lesers verwek. Verla haar beskrywing van voortrekkerskoollesse oortuig deur sy egtheid; omdat papier so skaars was is die letters van die A.B.C. byvoorbeeld met gansveerpennet en met ink wat van waboomblare gemaak is, op gladde stukkie hout geskryf. In die slothoofstuk vertel M.E.R. dat sy al die dinge van haar tante Mina gehoor het toe sy al 'n baie ou vrou was, en hierdie tante se teregwysing aan 'n kleindogter wat klue oor haar "afgryslike" stories vorm 'n kenmerkende slot vir die verhaal: "Nee, Ragel, laat hulle dit hoor, my kind, en jy ook - jy ook. Dit is wat hulle eie vlees en bloed gely het: dit mag nie van die nakroos weggesteek word nie!"

Jong Dae: 'n Meisies-storie is vir ouer meisies bedoel, maar bevat so baie van M.E.R. se aantreklikste eienskappe as skryfster, dat volwassenes dit met groot plesier kan lees. Hier word vertel van 'n plattelandse dogter, Magrieta, wat onder armoedige toestande groot word maar deur die opofferings van haar familie en haar eie knapheid in staat gestel word om na 'n goeie Bolandse skool te gaan. Haar ondervindings op "Dameshof" vorm die belangrikste deel van die boek, maar die agtergrond van haar tuiste, "Welbedag" word met sorgvuldige aandag en fyn begrip geskilder.

Hoewel Jong Dae plek-plek 'n bietjie te "opvoedkundig" is - die

hoofstuk oor die waarde van 'n koshuis-opvoeding en die keuse van die regte vriendinne is veral 'n bietjie kwaai - vergoed die aantreklike geselsstyl en die warm persoonlikheid van M.E.R. self ruimskoote daarvoor. Treffend fraai is veral die inleidende paragraaf met sy beskrywing van Welbedag se ligging "in 'n hoek van Breërivier se kronkelrang."

Behalwe Jong Dae, Kinders van die Voortrek en die Sangapeletjies, het M.E.R. nog 'n hele groepie uitstekende kinderboekies geskryf, onder andere Hansie en die Bessiekinders, Die Sondagkind (albei by van Schaik, 1922), Vanmelewe en Die Sokkaboek (1926 by die Nasionale Pers), Die Kammalangers (1928), Die Oorwinnaar, verhale van pres. Steyn (1929), Stoute Bessel (1931), Karliën en Kandas (1933) en Sokka se Plaas (1933). Die materiaal van al hierdie verhale val binne die begrip van 'n normale Afrikaanse kind, en is van so 'n aard dat dit sy fantasievermoë gaande sal maak vir "die geheime en wonders van ons eie veld en sy geskiedenis, en die geskiedenis van die wilde volke en wilde diere wat op hom geswerf het." M.E.R. het dus sonder twyfel 'n wesenlike bydrae tot die Afrikaanse jeuglektuur gelewer en getoon dat sy dit nie "versmaai om by die kinders te begin nie" en dat sy haar kennis gesoek het "nie terwille van die kennis nie, maar om iets uit te voer daarmee, veral vir die kinders."

10. Die Boerevrou - Maart 1929.

#### HOOFSTUK 4.

##### Die "Hoofdrang" in haar werk.

As die werk van M.E.R. oorskou word - haar verhalende stukke, romans, essays, wetenskaplike studies en kinderverhale - en as kennis geneem word van haar lewensbesonderhede en kunsbeskouings - word sekere algemene eienskappe, wat die wese van haar kuns karakteriseer, duidelik waarneembaar. Kenmerkend is byvoorbeeld haar sterk bewussyn van die volksverlede, en haar intieme kennis van die Suid-Afrikaanse plante, blomme, berge en veld. Tog is daar 'n besondere eienskap wat hom so telkens aan ons opdring, dat dit van oorweënde belang word en ons volle aandag eis: dit is die belangrike rol wat die didaktiese oor die algemeen, en die sosiologiese in die besonder, in haar kuns speel. M.E.R. het die waarde en betekenis van so 'n "sentrale geestesdrang" besef toe sy in Oorlogsdagboek skryf: "Elke mens het 'n hoofdrang. Ek dink sy dade, sy handel en wandel - al sy reaksies op mense en gebeurtenisse - re- skied nie alleen volgens afsonderlike beïnvloeding van buite nie, maar kry onvermydelik rigting van hierdie innerlike hoofdrang."<sup>1</sup>

Sy besef dus die belangrikheid van haar eie didaktiese en sosiologiese neigings, maar probeer haarself veral rekenskap gee van die rol wat sulke neigings in die kuns van die Afrikaner behoort te speel - selfs nog voordat sy in haar eie skeppings met die probleem te kampe gehad het. Daar is reeds geneem hoe M.E.R. "die kuns van aankant maak wat verkeerd is in gesins- en volkshuishouding" beskou het as "al kuns wat ons ken.....want vir ons is die kuns dan alleen 'n skone kuns as dit die skoonheid van wat goed en gesond is, aandui."<sup>2</sup> Die Afrikaners was vir haar "soos kinders wat eers goed gegrond moet word in die dinge wat die voortbestaan kan waarborg, voor ons verder kan ontwikkel."<sup>3</sup>

Die uitbeelding van dinge wat heeltemal "subjektief gevoed word" en "min uitwerking op die wêreld vol lewe het" is eintlik af te keur,

1. Oorl. bls. 3
2. D.B. 24/2/31
3. D.B. 5/1/26

went "Afrikaners is nou eenmaal in die gewoonte geraak om van ons skrywers te verwag dat hulle ons iets moet leer, al is dit op hoe 'n eenvoudige manier." Haar vrees om dogmaties te wees, laat haar daaraan toevoeg: "Ek moet sê, ek weet nie of ons gelyk het nie." Hoewel hierdie beweringe aanvegbaar is, bly dit tog die taak van die kritikus om na te gaan hoe M.E.K. se sosiologiese oorwegings die aard van haar kuns bepaal het.

Meer as enige iets anders is dit seker die keuse van boustof wat daardeur beïnvloed is - die voorkeur wat M.E.K. gee aan die uitbeelding van maatskaplike probleme soos oorbevolking en ondertrouery (Na Vaste Gange), en die invloed van ekonomiese strominge op die maatskaplike status van die Afrikaner. (Oorloesdaarboek) Tog is dit hoofsaaklik die probleem van die huwelik wat haar deurgaans boei en waarvan sy nie kan wegkom nie; in haar twee romans behandel sy dit byvoorbeeld uitvoerig, en in talle van haar korter vertellings word daar ook aandag aan gegee, onder andere in "Goedgeluk" (met die bykomende probleem van dronkenskap), "Geld wat Stom is", "Boodskap uit die Doderyk" en "Kato; en Martjie." Die studie van uitsonderingsfigure, in die vorm van gevallestudies, interesseer M.E.K. ook besonder baie. 'n Groot aantal van haar gestaltes, veral dié van haar romans en vertellings, val onder die groep "hulpbehoewendes": mense soos oom Josef en tant Hessie, die arme Wiesie met haar swaksinnige kindjie, en die vooruitstrewende jong klomp, Piet, Lena en Dorie Freller (Na Vaste Gange) wat met aangrypende realisme geteken word. Die hele Melkhoutrivier-gemeenskap beskryf M.E.K. ook as "by uitstek die navorsingsveld vir die student van die maatskaplike toestande." Deurgaans laat sy by die uitbeelding van die arm gesin die klem op die moeder as middelpunt daarvan val; die hele maatskaplike proefneming in Na Vaste Gange word hierdeur bepaal; dit is immers terwille van die "seutelposisie" wat arabelle meisies in die huisgesin beklee dat dit ooit aangepak word. In Die Blindelose Kragstuk is dit die deugsame Hannie wat

sorg dat haar twee kinders ten spyte van hul sukkelaar van 'n vader ontwikkel tot nuttige lede van die samelewing; en in "Geld wat Stom is" is tant Millie die beskermergel van haar hele gesin. Steeds is dit 'n wetenskaplike kenner van agterlike toestande en tipes wat aan die woord is, en wat met die oortuiging van persoonlike ondervinding so realisties en tog simpatiek daarvan kan vertel. Die vraag ontstaan natuurlik dadelik of die uitbeelding van uitsonderingsfigure vir die letterkunde van belang kan wees. Die antwoord hierop kan nie sonder meer gegee word nie, maar daar kan tog op gewys word dat M.E.R. deur haar keuse daartoe gebring is om haar in werklike lewende probleme te verdiep - nie soos die groot gros van Afrikaanse skryfsters in die uitbeelding van waardelose onbenullighede nie.

Nas die hulpbehoewende karakters stel M.E.R. haar hervormers: mense soos die maatskaplike werkster, Hermien, in "Om die Draai", die student van volkekunde en maatskaplike toestande, Marianna, die dokter, Roelf van Vuuren, 'n onderwyser, Hendrik Mentzel, 'n verpleegster, Lucia Mentzel (Na Vaste Oange) en 'n predikant, ds. Theunissen (Die Lindelose Waagstuk), wat die "Evangelie van Aankantmaak"<sup>5</sup> wil verkondig. Hierdie evangelie is volgens M.E.R. "vir die armste en die eenvoudigste, en ook vir die grootste onder die mensekinders." In die uitbeelding van hierdie hervormers toon sy dat vier groot rigtings van die sosiologie in haar verenig is: ten eerste die aangebore "aankantmaak"-begeerte by die vrou. "Haas alle vrouens het die sterk aanleg vir regmaak en in orde stel; soveel skeppingsdrang gaan daarin uit dat dit seker een van die redes is waarom daar baie minder groot kunstenaars...onder vrouens is."<sup>6</sup> In die tweede plek erken sy die waarde van die Kerk se maatskaplike diens, maar meen tog dat die vroueverenigings soos die A.C.V.V. nie oor die hoof gesien mag word nie. Sy vra: "Sal dit baie kwaad doen om die vrouens - wat die meeste van die werk sal doen - te raadpleeg by die vorm en uitwerk van planne?" In die

5. D.B. 9/2/33

6. D.B. 2/2/33

derde plek noem sy die belangrikheid van die staat, maar meen tog weer: "By elke draai van die welsynskant van die Departement se werk sal gevoel word dat daar samewerking behoort te wees met die private organisasies." <sup>7</sup> Ten vierde het M.E.R. 'n uitstekende begrip van wetenskaplike metodes; haar deelname aan die Carnegie-onderzoek en haar onafhanklike navorsing in verband met maatskaplike vraagstukke soos "onverantwoordelike ouerskap" <sup>8</sup> en "plattelandsverpleging" is hiervan voldoende bewys. M.E.R. se "hervormers" verdiep hul soos hul skepper in hierdie dinge maar hul verdiepthed is so alles-oorheersend dat daar vir min werklik persoonlike trekke plek is. Daarom is dit in Na Vaste Gange so moeilik om die idealisties beskoude Lucia, Bruintjie, Roelf en Hendrik van mekaar te onderskei en hul as individue te leer ken. M.E.R. het ongetwyfeld by die skildering van haar agterlike tipes veel beter daarin geslaag om haar mensbeelding oortuigend te maak; selfs in die Carnegie-studie kry ons 'n brokkie menslikheid by die bespreking van 'n geval soos dié van die 18jarige tweeling, wat ongewas en ongekam en tog volslae gelukkig op die nagemakte swart satyndeken van hul kateltjie sit en mondfluitjie speel.

Met haar sterk sosiologiese drang bied M.E.R. haar boustof op kenmerkende wyse aan; sy is as doelbewuste aanbieder sover moontlik self aan die woord en probeer daardeur in noue aanraking met haar leser bly. Omdat M.E.R. so bewus is van haar leser en 'n bepaalde etiese uitwerking op hom beoog, is sy 'n bietjie wantrouig oor die moontlikhede wat direkte situasietekening in hierdie verband inhou, en kies liever uitgingevorms wat haar in staat stel om onbelemmerd as vertolker tussen die leser en haar boustof op te tree, naamlik as vertelster. Die trap van kulturele ontwikkeling van die leser bepaal ook in baie gevalle die vormgewing: die boustof word so aangewend dat dit vir die eenvoudigste begryplik sal wees. (vergelyk Onweershoogte.) Van binne word die vorm dus bepaal deur inagneming van die sosiologiese, en van buite deur die leser wat steeds voor

7. D.B. 1/9/31

8. D.B. 26/1/37.

oë gehou word.

Die bievorm van die brief is om voor die hand liggende redes by uitstek die vorm vir die persoonlike openbaring, en die onmiddellike aaneenskakeling met die leser; geen wonder dus dat M.E.R. so 'n voorliefde daarvoor toon nie - in "Goedgeluk" word dit byvoorbeeld deurgaans gebruik en in Na Vaste Gange beeld dit belangrike stukke handeling uit. 'n Derde middel wat M.E.R. aanwend om as die vertolkster van haar materiaal op te tree, is deur haar sydelinge opmerkings aan haar leser wat hier en daar die gang van die verhaal onderbreek, of wat soms in die vorm van 'n inleiding of aantekening opgeneem word. As M.E.R. byvoorbeeld in "Die Susters" 'n beskrywing gee van ouerlike invloed op Hettie en Helena, laat sy daarop volg: "Die moderne vader en moeder onderneem so 'n taak nie meer nie." Na aanleiding van Hettie se mode-ambiasie, wend M.E.R. haar weer tot die leser: "Die afgod heers vandag nog net so, maar hy is veelvuldiger van gedaante en het in die groot winkels en in die bioskoopsale tempels wat hy voorheen nooit gehad het nie." 'n Laaste middel wat sy toepas om haar rol as vertelster te versterk en haar didaktiek aanneemliker te maak, is deur haar voorstelling van verhale as gebeurtenisse wat sy óf self ondervind het, óf van naasbestaendes en vriende verneem het. "Die Susters" is byvoorbeeld persoonlike kennis van M.E.R., Martjie (Uit Kato; en Martjie) is 'n universiteitsvriendin, "Boodskap uit die Doderyk" word deur 'n Oom vertel, Oorlogsdagboek handel oor 'n broer, en Na Vaste Gange is gebou op 'n verhaal wat deur 'n betroubare vriend oorvertel is.

Eensyds is daar by M.E.R. suiwer letterkundige werke, byvoorbeeld Uit en Tuis, en "Bergwind", waar daar geen sosiologiese bybedoelings is nie, of waar hul bewus onderdruk word (vergelyk "Water uit die Rots" waar M.E.R. skryf: "Nou, ons wat water spek, staan nie stil by die gesinsprobleme nie, hoe interessant ook.....") andersyds is daar die suiwer wetenskaplike werk, byvoorbeeld die Carnegie-studie en Oorlogsdagboek, waar M.E.R. se sosiologiese

neigings onbelemmerd uiting kan vind. 'n Veel groter groep werke word gekenmerk deur 'n geweldige botsing tussen literêre en pedagogiese dryfvere, 'n botsing wat soms eindig met die algehele oerweldiging van die literêre. Soos J. van Bruggen in Ampie die versoeking nie kon weerstaan om een hele hoofstuk aan blote sosiologiese mededeling te wê<sup>y</sup> nie, kon M.E.R. dit telkens ook nie nalaat om beelding te laat plek maak vir suiwer didaktiek nie. Nêrens word hierdie neiging duideliker getoon as in Na Vaste Gange nie. Die werklik brandende probleem wat die middelpunt van alle uitbeelding moes gewees het, die huwelik van 'n Indiër met 'n blanke vrou, is eenvoudig ontduik en die hoofklem gelê op die maatskaplike proefneming wat die weduwee Kundu deur middel van haar oorlede man se skatte op die dogters van die agterlike Melkhoutrivier-gemeenskap uitvoer. Die gedeelte van die roman wat wel oor die huwelik handel, het bepaald misluk en verwek steeds die indruk dat die skryfster, hoewel met die beste bedoelings, tog nie haar heimlike begeerte om die lastige saak so gou moontlik af te handel en by die meer dankbare maatskaplike gedeelte te kom, kan onderdruk nie. Dit is of M.E.R. as't ware 'n vergeefse stryd teen haar sosiologiese neigings voer, en asof die stryd die bou van die hele roman hope-loos laat skeef loop het. Die botsing tussen die literêre en die pedagogiese het M.E.R. se neiging tot vormloosheid verder versterk; dit het haar immers gedwing om by die voorstelling van elke nuwe karakter, sy herkoms en verlede uitvoerig mee te deel, of die rol wat hy in die sentrale tema speel, dit nou al regverdig of nie. Dink maar aan die oorbeklemtoning van persone soos Hannie en Maans, en die Theunissen-egpaar in Die Eindlose Waagstuk, en van die skurk, Valkenburg in Na Vaste Gange.

Dit het tog wel gebeur dat didaktiek en kuns by M.E.R. tot een harmoniese geheel saamgegroeï het, dat sosiologie in beelding opgegaan het. Die eerste van die Drie Vertellings, "Die Susters", toon aan tot watter skitterende hoogtes M.E.R. in staat is as sy hierdie samesmelting kan bereik. Aan die een kant is haar rustige

skildering van Helena en Hettie se lewenspele nou verwant aan die maatskaplike gevallestudie - daar word byvoorbeeld sorgvuldig nagegaan in hoe ver oorerwing en opvoeding hul ontwikkeling bepaal het - terwyl sielkundige oorwegings by die naspoor van onbewuste verlangens en begeertes ook die nodige aandag kry. Aan die ander kant het hierdie wetenskaplike dryfvere so volkome in mensbeelding opgegaan, dat daar geen skeidslyn tussen die twee getrek kan word nie. Dieselfde eenheid is bereik by die uitbeelding van die armblankedogter, Dorie Kreiler, in Na Vaste Gange. Hoewel aandag hier geskenk word aan nadelige en voordelige maatskaplike invloede (byvoorbeeld haar losbandige moeder teenoor haar sorgsame vader), word dit tog nie in die vorm van skouende beelding gegee nie, maar direk deur werklike situasies uitgebeeld. Sosiologie en kuns kan hier nie van mekaar geskei word nie.

By die bepaling van die rol en betekenis van die sosiologie in M.E.R. se kuns, stuit mens ten slotte teen die ou, ou vraag wat vandag nog onbeantwoord bly, naamlik wat is die doel van kuns? Moet dit die maatskappy in aanmerking neem, of kan dit as onafhanklike skone ideaal voortbestaan? Die eerste standpunt is aanveer deur skrywers soos Horatius, Vendel en Sydney, wat geglo het dat die kuns moet stig en verheug. Teen die stigting en verheuging sou mens in laaste instansie geen beswaar kan opper nie, maar omdat dit die letterkunde as middel gekies het - en nie byvoorbeeld maatskaplike werk nie - moet dit in die eerste plek literêr bevredig, dit wil sê, verby die gewone veredeling wat enige bevredigende kuns-werk verskaf, sal dit ook nog maatskaplike veredeling nastreef. Kuns om die mens moet dus groter waarde en betekenis hê as blote kuns om die kuns. So het Gorter al beeldend sy ideale verkondig. Multatuli maatskaplike wanpraktyke aangedui, en Henriette Roland Holst - M.E.R. se Nederlandse suster - haar menseliefde en simpatie met die verdruktesuiting laat vind deur 'n harmoniese organisasie van didaktiek in beelding en ontroering, hoewel soms enkele kere deur oorbeklemtoning van die suiwer didaktiese.

As M.E.R. geneig is om regstreekse lering as primêr te beskou, is dit hoofsaaklik omdat sy soos haar tydgenote deur omstandighede gedwing is om die letterkunde as kosbare wapen in 'n maatskaplike stryd om lewe en dood aan te gryp. Toe die Afrikaanse volk destyds nog in 'n toestand van wording was, en hul 'n verbete stryd om selfhandhawing moes voer, moes didaktiek in die letterkunde noodwendig 'n enorme faktor in volksvorming en opvoeding wees. Dit sou feitlik aan volksverraad gegrens het om die aksent van lering na suiwer kuns te probeer verskuif; daarom het die Patriot-digters ook as doelstelling bepaal dat hulle staan "ver ons Taal, ons Nasie en ons Land," het Von Wielligh sy en hulle standpunt in Baanbrekerswerk gestel. Hierdie rigting van volksopvoeding is voortgesit deur didaktici soos C.J. Langehoven en J.Lub.

— Dit is deur die werk van hierdie "baanbrekers" dat 'n jonger geslag in staat gestel is om op 'n latere tydstip die estetiese eis as eerste te stel, soos geformuleer deur N.P. van Wyk Louw in Berigte te Velde, waarin hy praat van " 'n geloof aan die primaat van die suiwer estetiese in die kuns, en die oortuiging dat so 'n 'suiwer estetiese' kuns 'n groot, selfs 'n beslissende faktor in die lewe van 'n volk is - en dat dit nie alleen met die kwaliteit van die lewe binne daardie volk te doen het nie, maar nog dieper, met die bestansreg van die volk self." 'n Standpunt soos hierdie is alleen moontlik gemaak deur die voorbereidingswerk wat M.E.R. en haar voorgangers moes verrig.

## HOOFSTUK 5.

### Styl en Taal.

Die manier waarop 'n kunstenaar sy ontroering deur middel van die taal weergee, hang ten nouste met sy innerlike saam; dit is dus duidelik dat sy skryfstyl in 'n groot mate die stempel van sy persoonlikheid sal dra, en dat dit sonder veel moeite van enige ander skryfwyse onderskei sal kan word. Dit is veral by M.E.R. opvallend hoe haar karakteristieke styl feitlik deurgaans 'n weerspieëling is van haar persoonlike ervarings en die lewensbeskouing wat daaruit voortgevllei het, hoe dit in hoofsaak bepaal is deur die sterk besef dat elke Afrikaanse skrywer 'n vormer is, en dat elke woord van sy artikels of boeke 'n moontlike invloed is wat ten goede of ten kwade kan geld vir die toekoms.

M.E.R. se karakteristieke vertelkuns, wat sy ontstaan in haar sterk sosiologies-didaktiese drang gehad het, het haar beweeg om die intieme houding tot die leser gedurig deur regstreekse wendinge te versterk, dikwels in die vorm van bespiegelende en lerende onderbrekings, maar ook deur haar keuse van die bieg-vorm en die indirekte rede as middel van uitbeelding. Eenvoud van sinskonstruksie word noodwendig ook 'n vereiste, en M.E.R. lê haar daarop toe om " 'n ding eenvoudig te vertel " en "mooi en aandoenlike<sup>1</sup> woorde" sover moontlik te vermy. Die sierlikheid en ontroerende egtheid van hierdie skynbare eenvoud word nêrens so duidelik geopenbaar as in die Uit en Tuis-sketse nie; dink maar aan 'n paragraaf soos die volgende: "onder op die silwerskoon sandjies in die stroom, helder verlig in die môreson, is skaduwee gegooi, nie van die goggatjie self nie, maar van die kuiltjies deur sy ses pootjies bo op die oppervlak gemaak, saamgestel in 'n flikkerende borduurpatroontjie wat kort-kort tot stilstand en duidelikheid gekom het. Dit was lig loop, daardie!<sup>2</sup> " In 6orlogs-dagboek is die wetenskaplike eenvoud, en die soberheid en bondigheid van die onversierde kort sinne veral opvallend: "Dit is nou byna vyftig jaar sedert hy die dagboek in die veld gehou het. Hy was

1. D.B. 1/11/27

2. U en T bls. 175 paragraaf 2

neën-en-dertig toe hy met die eerste opgeroepes in Boksburg op die trein geklim het oorlog toe; twee-en-veertig toe hy die wapen moes neerlê. Die eed van getrouheid aan Engeland het hy nooit afgelê<sup>3</sup> nie." Kenmerkend is M.E.R. se gebruik van kort opeenvolgende sinsnedes wat deur kommapunte van mekaar geskei word, 'n gebruik wat soms te ver gevoer word, vergelyk: "As oumense huil, maak dit hulle siek; hulle het nie weerstandsvermoë teen ontsteltenis nie; maar sy moet darem nou deurdruk en iets probeer afhandel; so voel Susara."<sup>4</sup>

Verwikkeldende sinsbou kom by M.E.R. ook wel voor; as sy op dreef is, kan sy pragtige ritmiese en golwende lang-sinne saamstel - een van die aantreklikste elemente van haar kenmerkende verteltrant. Die inleidende sin van Jong Dae illustreer dit pragtig: "Breërivier se loop is vir baie myle deur wat genoem word, 'gebroke veld', half karoo-, half bergveld; en in 'n hoek van sy kronkelgang, waar die karoo sterker is as die berg, waar die bulte aan weerskante van sy stroom droog en klipperig is, waar harpui-bos en plakkieblaar en alwee hulle kleurige blomme sonder vrees in die braaiende son laat ooplê, daar het die vaal huisie alleen gestaan, buite gesig van die groot eienaarswoning - die huisie waar Magrieta groot geword het!" Dit is vreemd dat 'n skryfster wat so 'n verwikkelde sin met gemak hanteer soms so lomp te werk gaan. Veral die roman Na Vaste Gange wemel van swakgeboude sinne en sleg-geformuleerde gedagtes, byvoorbeeld - "Is dit ten koste van 'n ander (se nadeel), dit is vir hom van geen belang nie; en dit is maar altyd so ten koste."<sup>5</sup> en "Jy weet daardie wat ek jou laat kom kyk het omdat dit so na die sendelingsvrou gelyk het."<sup>6</sup> Gelykluidende klanke soos kyk het en gelyk het werk hier bepaald steurend; so ook die onnodige herhaling van dieselfde woord in sinne soos; "...rante wat langs Basspruit afgeloop het, en onderkant een van die fonteine in die spruit se loop."<sup>7</sup>

3. Oorl. Bls. 3 paragraaf 1

4. Drie V. bls. 32 paragraaf 7

5. N.V.G. bls. 12

6. N.V.G. bls. 105

7. N.V.G. Bls. 145

"Weer moes die draad uitgetrek word en ingeryg word," en "...die kinders is bekwaam gemaak om elders as hier 'n bestaan te maak."

Die bepaeld Afrikaanse kenmerk van M.E.R. se kuns word sowel in taal as styl weerspieël: in haar belangstelling vir die "eie", in haar voorliefde vir eg-Afrikaanse woorde wat in verband staan met die volksverlede, en veral in haar strewe na purisme. Die oorheersende Engelse invloed van M.E.R. se jeug en haar noue aanraking daarmee in 'n Engelse universiteit en stad, moes taal-suiwerheid vir haar moeilik bereikbaar gemaak het. In die vroeë jare van haar skrywersloopbaan het sy nog die anglisistiese s-meervoud gebruik in woorde soos bruids, sigarette en vennoets en gepraat van Indiane in plaas van Indiërs maar soortgelyke faters was by bekende en geterde skrywers destyds nog betreklik algemeen. M.E.R. was deeglik bewus van haar tekortkominge op hierdie gebied; sy skryf immers in Die Eoerevrou van Maart, 1929, by 'n bespreking van haar Bogversies vir kinders: "...daar was al te dikwels foute in die versmaat, en anglisismes, en vale rym, en meer sulke gruwels ook by, en die Bogversies-titel het alles soos onder 'n kombersie toegemaak." Sy het ook nooit volkome daarin geslaag om die spore van Engelse invloed heeltmaal uit haar taal uit te wis nie: in onlangse werke lees mens nog van, skrif wat gekrimp is (cramped?), van 'n persoon wat geabsorbeer word deur die studie van anatomie, en van 'n skrywersnota.

As 'n soort teëgif, wend M.E.R. haar tot die suiwer ou Afrikaanse uitdrukkings wat sy in haar Swellendamse jeugjare so goed leer ken het. In 'n verhaal soos "Kinddooop" uit Onweershoopte gebruik sy hul om die atmosfeer van vergange so dae te versterk: die oerwaaarde dra byvoorbeeld 'n kabaai van geblonde sy, sy evriendin verneem na die welstand van 'n jong moeder wat verbasend parmantig oor haar nuwe tweeling is, en wil van die vader weet of "sullie darem

8. Jong D: bls. 4  
9. N.V.G. bls. 145  
10. D.B. 23/10/23  
11. D.B. 3/1/25  
12. D.B. 28/10/24

13. D.B. 9/6/22  
14. Oorl. bls. 1  
15. Eind. W : bls. 11 paragraaf 3  
16. N.V.G. bls. 53 paragraaf 1

gewag het tot die kinders groter was, dat haarlie die perde kon bestyg." Van groter belang is egter die talle egte Afrikaanse benaminge vir plante, blomme, kossoorte, modes, benaminge wat vandag grotendeels van die toneel verdwyn het; byvoorbeeld katjietees, bospeper, <sup>17</sup>beratee, <sup>18</sup>sonkielies, karnedik, duiwelsdrek, <sup>19</sup>klipsweet; toutjiesvleis, <sup>20</sup>tasalletjies; <sup>21</sup>doeria, <sup>22</sup>voersis, <sup>23</sup>kabaal, lipmoue, <sup>24</sup>belegsels, insetsels en <sup>25</sup>jeense stoweltjies. M.E.R. se geskifte wemel letterlik van ou Hollandse segswyses, soos: <sup>26</sup>allegmartjies belê, entjies-entjies aankom, en <sup>27</sup>in tel wees. <sup>28</sup> Die gebruik van hierdie woorde en uitdrukkings is by M.E.R. sekerlik nie toevallig nie. Hoewel baie van hulle waarskynlik deel van haar eie spreektaal is, kry mens tog 'n vermoede dat hulle dikwels bewus gebruik is met die bepaalde doel voor oë om die voortbestaan daarvan te verseker en te bestendig. Dit verklaar ook M.E.R. se belangstelling vir die dialektrese, wat haar beweeg het om 'n lysie van tipies Swellendamse woorde as bydrae tot G.B. von Wielligh se Ons Geeslstaal saam te stel. As inleiding skryf sy: "Dis tog alte jammer van die liewe ou woorde wat ons aanskakel aan die verlede - 'n verlede wat so vinnig deur ons hande gegly het," en dan noem sy woorde soos boesroentjie(trui), kadoeks(siek), permutasie(hele gesin) en paskewel(naamlose versie op verborge wyse gestuur). Soamige benaminge wat sy opnoem, het sy in haar eie geskifte gebruik, byvoorbeeld <sup>29</sup>ansoon, <sup>30</sup>adalia, en veldparty. <sup>31</sup> M.E.R. het woorde soos hierdie bedoel toe sy gepraat het van "ingepakte woorde wat ek en jy nie hoef aan mekaar uit te pak nie; ons weet mos wat daarin is."

Die aanknopang van Afrikaans met Nederlands het steeds vir M.E.R. van belang gebly. Veral toe sy as lid van Die Boerevrou se redaksie met taalprobleme te kampe gehad het, het sy graag vasgestel dat die woorde wat sy gebruik van Nederlandse oorsprong is. Oor die woordjie

17. U en T: bls. 93 para. 1  
 18. D.B. 31/7/26  
 19. Oorl. bls. 13 para. 2  
 20. U en T: bls. 124 para. 3  
 21. Oorl. bls. 13 para. 2  
 22. Onw: bls. 149 para. 3  
 23. Jong D: bls. 5 para. 9  
 24. U en T: bls. 63 para. 2

25. Jong D: bls. 6 para. 4  
 26. Eind. W: bls. 86 para. 1  
 27. U en T: bls. 73 para. 3  
 28. (Eind. W: bls. 35 para. 2  
 (U en T: bls. 30 para. 2  
 29. Drie V: bls. 95 para. 3  
 30. Die Veldk: bls. 1  
 31. D.H. 24/6/32.

virnindal skryf sy selfs jare later byvoorbeeld: "Ek het hierdie woord nog nie in druk gesien nie; dit is ook nie in die woordeboek wat ter hande is nie; maar ek vra die proefleser om dit tog nie somner weg te smyt nie; dit is 'n goeie Afrikaanse woord waarmee ek grootgeword het, en het, sover ek weet, 'n dieplike Nederlandse voorouer." <sup>32</sup> Vorms soos idealist, <sup>33</sup> bloemist, <sup>34</sup> souw en <sup>35</sup> jouw het M.E.R. baie gou laat vaar, maar enkele relikte het tot vandag toe in haar werk bly voortbestaan, byvoorbeeld <sup>36</sup> hy en die syne, <sup>37</sup> Kato en die hare, <sup>38</sup> belet vra; <sup>39</sup> verboë vorms soos onse, <sup>40</sup> ten grawe daal. Vorms soos gaat en doet kom veelvuldig veral in gesprekke voor; ook sterk werkwoordelike vorms soos <sup>41</sup> had gewaag, <sup>42</sup> wis en <sup>43</sup> gedaan. Die Nederlandse Bybel waarmee M.E.R. groot geword het, het sonder twyfel 'n duidelike stempel op haar styl afgedruk; reeds haar herhaalde gebruik van tekete dui immers op 'n besonder intieme kennis van die Bybel.

'n Kenmerkende styleienskap van M.E.R. is haar effens ongewone gebruik van gekykte uitdrukkings, die interessante eie wending wat sy aan hul gee. Dit is onmoontlik om vas te stel of M.E.R. ooit hierdie wendings in die spreektaal gehoor het en of dit blote eie vindings is, tog is uitdrukkings soos <sup>44</sup> van staanspoor tot eindpaal, <sup>45</sup> die skuil van 'n hoenderhok, <sup>46</sup> toe alles kant en stil was, bepaald ongewoon. Soos kom dit voor asof kontaminasie 'n rol kon gespeel het, byvoorbeeld <sup>47</sup> hy sal alles bekostig, <sup>48</sup> die boerdery het mank gegaan en <sup>49</sup> swaar van die hande hang. M.E.R. se gebruik van voorsetsels is in baie gevalle ook bepaald afwykend, byvoorbeeld "sy laat haar beïnvloed <sup>50</sup> van 'n woord van Lucia", "daar word nagevors en bestudeer <sup>51</sup> oor die saak", en "sy soek raad <sup>52</sup> oor haar kwelling."

32. D.H. 11/2/37  
 33. D.B. 16/1/26  
 34. D.B. 28/10/24  
 35. D.Boer. Mei 1929  
 36. Eind W: bls. 12 para. 5  
 37. Drie V: bls. 101  
 38. Eind. W: bls. 117 para. 4  
 39. Drie V: bls. 1 para. 3  
 40. U en T: bls. 82 para. 2  
 41. Drie V: bls. 86  
 42. Jong Df bls. 3 para. 3

43. U en T: bls. 99 para. 1  
 44. Drie V: bls. 1 para. 2  
 45. Eind W: bls. 3 para. 1  
 46. Drie V: bls. 38 para. 1  
 47. Drie V: bls. 131 para. 5  
 48. Drie V: bls. 14 para. 1  
 49. Drie V: bls. 86 para. 3  
 50. N.V.G. bls. 153  
 51. N.V.G. bls. 162  
 52. N.V.G. bls. 111

Beeldspraak kom by M.E.R. betreklik selde voor, maar dit dra steeds die stempel van haar natuurlikheid, eenvoud en oorspronklikheid. Dit is die treffende van haar eie sienings wat onmiddellik die aandag trek - byvoorbeeld haar beskrywing van tant Kato se penspotjie wat "die oog van 'n kind plesier gegee het om die rooi vonkies soms aan sy roetbaedjie te sien rondkruip."<sup>53</sup> Spore van joernalistieke ondervinding kleef aan haar uitbeelding van die huislike omgewing as die "matrys waarin die mens gevorm word", en dit is die huisvrou wat aan die woord is as sy die Melkhoutrivier se gemeenskap as 'n "tafeldoek vol kruummels wat gerus êrens buite uitgaskud kan word,"<sup>54</sup> beskou. Plek-plek was die verlokking van "mooi en aandoenlike woorde" nog 'n bietjie te sterk, en praat M.E.R. van "lowerryke bone"<sup>55</sup> en "koesterende warmte, wat die reisiger sag omhels"<sup>56</sup>. Homeriese vergelykings gebruik sy soms met uitstekende effek; in "Kato; en "Martjie" skryf sy byvoorbeeld: "Soos die skulpkrappies in die dammetjies aan die seestrand wat so naarstiglik alle leë skulpies visenteer om nuwe wonings te soek, het ons die leë huisie bekyk en betas, en ons lywe daarin gepas en uitgehaal en weer anders ingepak, en toe is ons somer glipse! binnekant in, en sit by onse voorhuisvensters en uitkyk oor onse tuinstrepie na die mense wat verbyloop -"<sup>57</sup> Soms bou M.E.R. 'n hele verhaal op 'n "vergelyking", sodat daar sprake van simboliek is: in Onweershoogte en "Die Hol Krans" is 'n natuurbeeld byvoorbeeld die simbool vir 'n innerlike geestesomwenteling by een van die hoofpersone.

M.E.R. se kenmerkende styl, haar beelde, haar gebruik van eg-Afrikaanse woorde en segswyses en die atmosfeer van egtheid wat daaruit voortspruit,<sup>is</sup> een van die grootste aantreklikhede van haar skrywerspersoonlikheid. Die bepalende faktor van haar voortrefflike styl was in alle waarskynlikheid M.E.R. se besef van die groot vormende invloed van haar prosa, en die doelbewuste oogmerk van haar boodskap het sekerlik die gees van die woorde wat dit oorgedra het, bepaal.

53. Drie V.

54. N.V.C.

55. N.V.C. bls. 7

56. N.V.C. bls. 1 para. 3

57. Drie V. bls. 89 para. 1

## HOOFSTUK 6

Plaasbepaling.

Toe M.E.R. se eerste bundel verhale, Onweershoogte, in 1927 verskyn, het die lesende publiek pas kennis gemaak met werke soos Marianne van N.H. Theunissen (1925), Ampie, die Natuurkind van Jochem van Bruggen (1924), Die Meulenaar van D.F. Malherbe (1924), en veral met Onder Bevoorrechte Mense van Marie Linde, Oogklappe van Meg Ross en Eensaamheid van Eva Walter (1925). Tussen al hierdie romans het M.E.R. se pretensielose verhale feitlik onopgemerk sy verskyning gemaak, en die reaksie van die "amptelike" kritiek was maar kil, om die minste daarvan te sê. Dit is nie verbasend dat M.E.R. haar toevlug vir die volgende vyftien jaar tot die skrywe van kinderverhaaltjies en wetenskaplike studies geneem het nie; sy kon deur die ontvangs van haar eersteling op letterkundige gebied maar weinig aangemoedig gevoel het. In dr. Schoonees se Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging word die inhoud van Onweershoogte kortliks weergegee, maar die waardering is maar karig. 'n Geringe mate van waardering toon dr. G. Dekker in sy Afrikaanse Literatuurgeskiedenis waar hy van Onweershoogte skryf: "Hier het ons geen strewe na grootse kuns nie, maar in meer as een van hierdie beskeie sketse klink tog 'n innig menslike toon op." In 'n latere uitgawe van sy studie noem hy Drie Vertellings en Na Vaste Gange en bepaal die aandag op die "liefde en objektiwiteit waarmee sy die invloed van erflikheid en opvoeding aanvoel." Wat wel in sy kritiek van belang is, is dat hy die kultuurhistoriese studie, Ontwikkeling van 'n Afrikaner, wat destyds nog net as artikels in Die Huisgenoot verskyn het, aanprys, en vir sy lesers aanbeveel. Wat egter nog veel opvallender is, is die manier waarop dr. F.E.J. Malherbe eers in sy Aspekte van Afrikaanse Literatuur (1940) en later in Wending en Inkeer (1948) M.E.R. geheel en al probeer doodswyg. Die "vier vroulike debutante", Sophie Roux, T.C. Pienaar, Helmuth Luttig en

Ella Fischer word uitvoerig bespreek, maar oor M.E.R. word geen enkel woord geryp nie. Ook in dr. Rob. Antonissen se Skets van den Ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde van dieselfde jare word daar slegs volledigheidshalwe in die verbygaan van M.E.R. se "eenvoudig-menschelyk karakters en verhoudinger" melding gemaak, en word dit betreur dat haar werke, onder andere, 'n indruk van "opzettelykheid", gebore uit 'n dringende behoefte om 'n beeld te gee van "hoe het moreel gezien, behoort", maak. Die negatiewe houding van die Akademie in verband met die toekening van die Hertzog-prys som die hele toestand van koue onverskilligheid en gebrek aan waardering by ons "kenners" op.

M.E.R. se beskeie kuns het dus verbygegaan sonder dat die geringste mate van erkenning haar te beurt geval het. Dit word nog opvallender as dit gestel word teen die kritieklose ophemeling van haar vroeë vroulike tydgenote, Marie Linde, Meg Ross, Eva Walter en S. Bruwer. Schonees beskou Onder Bevoorregte Mense byvoorbeeld as "eerlik opreg van siening en innig van weergawe," al "mis die roman diepte." In die werk van Meg Ross sien hy "groot belofte vir die toekoms", en Eensamheid van Eva Walter meen hy "sal nie sommer vergeet word nie." Van hierdie beloftes en verwagtings het egter hoegenaamd niks gekom nie, en daar is vandag baie min tekens van enige blywende invloed wat van hierdie skryfsters uitgegaan het. Antonissen merk tereg op dat Oogklappe "in zeggings van een banale algemeenheid" is, en spot met Marie Linde se "mondain milieu van artisten en over de kunst redekavelende dames en heeren." Dit is opmerklik hoe nou M.E.R. wat boustof betref, by die groepie vroueskrifsters aansluit; By Marie Linde en Essie Malan veral is daar dieselfde groot belangstelling vir die aramblankevraagstuk, wat so kenmerkend van M.E.R. is, maar die uitbeelding van hierdie probleem verskil hemelsbreed by die verskillende skryfsters. By Marie Linde lei dit byvoorbeeld tot ongelooflike vervlakking. In haar poging om die maatskaplike probleem suiwer esteties te sien, verwaarloos sy die etiese sy daarvan so volkome, dat haar roman tot blote ontspanningsleesstof ontaard. Deur 'n Celeende Brill van Essie Malan

word wel met erns aangepak, maar hierdie erns maak in die tweede gedeelte plek vir die oppervlakkige uitbeelding van die hooffiguur se onbenullige romanse. M.E.R. daarenteen het haar bo die "estetiese afronding van onbenullighede verdiep in die wese van haar probleme, en by al haar prekerigheid, was haar erns so groot, dat sy die leser steeds iets wesenliks kon aanbied.

Ongeveer vyf jaar gelede, kort na die verskyning van M.E.R. se Drie Vertellings en Na Vaste Gange, het daar tekens begin kom wat dui op 'n heroriëntering in die houding van die kritiek teenoor M.E.R. In Die Huisgenoot van 15 Desember 1944 skryf dr. G. Dekker onder die titel "'n Mooi Werkie Herlees" 'n waardering van Onweershoogte. Hy meld terloops dat hy die artikel op aanvrag van die redakteur skryf, en dat hy hom wil bepaal by Afrikaanse boeke wat "by hul verskyning nie die aandag geniet het wat hulle verdien het nie." Van belang is veral sy slotopmerking: "Wie so iets kan skrywe, besit gawes waaraan ons letterkunde nog nie so baie ryk is nie." In Ons Eie Boek verskyn daar ook in hierdie tyd 'n betreklik volledige bespreking deur dr. M.B.S. Kritzinger van Na Vaste Gange, waarin hy wel op die gebreke van die werk wys, maar waardering toon vir die natuurbeelding, veral van die Transvaalse laeveld, wat vir hom "behoort tot die beste dele van die boek." Met die verskyning van Die Hol Krans in die kwartaalblad Standpunte (Januarie 1948) word daar in 'n uifers belangrike aantekening melding gemaak van die feit dat dit die eerste keer is dat die blad 'n kortverhaal publiseer, en dat die redaksie "besonder dank aan die skryfster verskuldig is dat sy hierdie in baie opsigte uitmuntende bydrae" aan hul afgestaan het. Hul publiseer dit nie alleen omdat dit goed geskryf is en hul blad in alle opsigte waardig is nie, maar ook omdat hul "langs dié weg hulde kan bring aan 'n skryfster wie se werk in die verlede miskien nog nie die waardering gevind het waarop dit geregtig is nie." Hulle voeg daaraan toe: "Geheel en al sonder pretensie, met 'n ontroerende eenvoud van taal en suiwerheid van gevoel, het M.E.R.

gedurende die afgelope jare in toenemende mate die sandag getrek." 'n Uitspraak soos hierdie moes noodwendig 'n invloed in die regte rigting wees.

Dit is kentekegend dat 'n artikel in Ons Eie Boek (September 1948) feitlik onmiddellik hierop gevolg het. Onder die titel "M.E.Rothmann" stel dr. P.C. Schoonees sy hersiene standpunt tot die kuns van M.E.R., en toon waardering vir haar "ongekunstelde, onopgesmukte styl" en haar "seldsame vermoë om deur te dring tot die verborgenste dryfvere waardeur die verhoudings tussen mense bepaal word." Interessant is sy bewering dat "die skryfster eindelik daartoe oorgegaan het om baie van haar verspreide sketse en vertellings te bundel" sodat dit eintlik nou eens moontlik word "om 'n samevattende beeld te gee van haar werksaamheid op joernalistieke en letterkundige gebied" - 'n subtiele wanvoorstelling, aangesien M.E.R. etlike jare gelede reeds hiertoe "oorgegaan het".

Die uiteindelijke betekenis van M.E.R. vir ons letterkunde word ten eerste miskien bepaal deur die belangrike pionierswerk wat sy as joernaliste in dagblaaie en tydskrifte soos Die Burger, Die Boerevrou en Die Huisgenoot gedoen het, veral deur haar geslaagde pogings om die peil van die Afrikaanse joernalistiek te verhoog en die skepping van 'n kenmerkende joernalistieke tradisie te bevorder. Dit is ten tweede die kultuurhistoriese aspek van haar werk as volk-opvoedster, deur die strekking van haar sosiologies-didaktiese geskrifte - in koerante en elders - wat van onskatbare waarde was. As skryfster van kinderverhale het M.E.R. 'n derde bydrae van betekenis gelewer, veral as in gedagte gehou word dat werke soos Jong Lae en Kinders van die Voortrek, hoewel van die vroegste in hul soort, tog tot die suiwerste hoort wat ooit al op hierdie gebied gelewer is.

By die suiwer letterkundige plaasbepaling van M.E.R. in ons prosa, is 'n "groepering" van Afrikaanse prosa-werke in die algemeen onontbeerlik. Terugskouend onderskei mens gewoonlik twee duidelike rigtings, die "bloemryke" en die "sobere", en dit is ongetwyfeld die eerste rigting wat tot dusver oorwegend die sandag getrek het -

miskien ten koste van die ander minder opspraakwekkende, maar soms bepaald suiwerder rigting. By die "boerekuns" van realiste soos van Bruggen, Langenhoven en van Melle sluit die kuns van M.E.R. aan.

Dit is gevaarlik om van 'n "nasionale" styl te praat, maar dit kom tog voor asof die hoofrigting van die Afrikaanse prosa die rigting van die sobere woord is, en dat die gebruik van die "ontkoolde" woord noodwendig 'n invloed ten goede moet wees. Dit is in hierdie rigting dat M.E.R. met werke soos "Goedgeluk", "Die Hol Krans" en "Bit en Tuis" kon lewer - werke wat tot die grootste kosbaarhede van die Afrikaanse prosa gereken kan word.

BRONNELYS.(a) Koerante en Tydskrifte.

- Die Burger(Kaapstad) van 10 Mei 1922 tot 30 Augustus 1938.  
 Die Huisgenoot(Kaapstad) van Junie 1922 tot 28 Januarie 1949.  
 Sane Marais(Kaapstad) 6 Julie 1949.  
 Die Boerevrou(Pretoria) van Mei 1919 tot Julie 1930.  
 Ons Die Boek(Kaapstad) September 1948, Maart 1949.  
 Standpunte(Kaapstad) Januarie 1948.

(b) Publikasies van M.E.R.

- Kinders van die Voortrek: De Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1920.  
 Die Mieliedogter, Sangspel vir Kinders: J.L. van Schaik Bpk., Pretoria  
 1921.  
 Hansie en die Bessiekinders: bewerking van M.E. Rothmann.  
 J.L. van Schaik Bpk., Pretoria 1922.  
 Die Sondagskind - vir Afrikaanse kinders vertel.  
 J.L. van Schaik Bpk., Pretoria 1922.  
 Drie Sangspelletjies vir kinders:  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad. 1926.  
 Vanmelewe - stories van die Voorouers:  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad. 1926.  
 Die Sokkaboek: Stories van 'n Skaaphond:  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1926.  
 Onwershoogte en ander Verhale: (no. 14 van "Almal se Boeke")  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad. 1927 ✓  
 Die Kaamalanders:  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1928.  
 Die Corwinnaar: verhale van president Steyn:  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1929.  
 Stoute Bengel: 'n verhaal uit die lewe:  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1931.  
 Die Moeder en die dogter van die Arm Gesin:  
 (Die Armblanke-Vraagstuk in Suid-Afrika,  
 Deel V)  
 die Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch  
 1932.  
 Jong Dae: 'n Meisies-storie:  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1933.  
 Karlien en Kandas: (Tekeninge deur A.R.)  
 Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1933.

- Sokka se Plaas: Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1933.
- Tant Alie van Transvaal: die dagboek van Alie Badenhorst, vertaal deur M.E. Rothmann, uit Nederlands. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1939
- Drie Vertellings: Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1944
- Na Vaste Gange: Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1944.
- Uit en Tuis: Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1946.
- Oorlogsdagboek: Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1947.
- Die Eindelose Waagstuk: Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1949.

(c) Ander Publikasies.

- Jochem van Bruggen: Ampie, die Natuurkind.  
Swets en Zeitlinger, Amsterdam 1922.
- G.R.L. von Wielligh: Baanbrekerswerk.  
J.L. van Schaik, Pretoria 1926.
- C.J. Langenhoven: Aan Stille Waters.  
Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1930.
- F.S. Malan: Marie Koopmans- De Wet  
Juta en Kie, Kaapstad 1933.
- N.P. van Wyk Louw: Berigte te Velde.  
J.L. van Schaik, Pretoria 1939.  
Gestaltes en Diere  
Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1947.
- H.C. Schoonees: Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging  
J.H. de Bussy, Pretoria 1939.
- F.E.J. Malherbe: Aspekte van die Afrikaanse Literatuur.  
Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1940  
Wending en Inkeer.  
Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1948.
- P.J. Nienaber: Bibliografie van Afrikaanse Boeke.  
Voortrekkerpers, Johannesburg 1943.
- G. Dekker: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.  
Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1947.
- Rob. Antonissen: Schets van die Ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaanse  
letterkunde  
"Pro-Arte" -Drukt s-j
- Vondel: Jefta of offerbelofte: Prof. dr. T.H. le Roux en J.J. Groeneweg  
J.H. de Bussy, Pretoria 1932
- H. Roland Holst: Sonnetten en Verzen in Terzinen Geschreven.  
Brusse, Rotterdam 1922.

- A. Roland Holst: Over den Dichter Leopold.  
Stols, Maastricht 1926.  
Uit Zelfbehoud.  
Stols, Maastricht 1938  
Eigen Achtergronden  
De Bezige By, Amsterdam. 1946.
- Corter: Mei<sup>9</sup>  
C.A.J. van Dishoeck, Bussum 1946
- Tj-Buning: Multatuli.  
J.L. van Schaik, Pretoria 1942.
- A.S. Cairncross (edited by): Eight Essayists.  
Macmillan and Co., Ltd., London 1939.
- G.B. Shaw: Saint Joan  
Penguin Books, Middlesex 1948.
- T.A. Moxon (edited by): Poetics of Aristotle on Style by Demetrius,  
and Selections from Aristotles' Poetics, with  
Hobbsen's Digest, and Ars Poetica by Horace  
J.M. Dint and Sons, London s-j

LYS VAN AFRONTINGS.

D.B.	: Die Burger, Kaapstad.		
D.H.	: Die huisgenoot, Kaapstad.		
D.Boer.	: Die Eoerevrou, Pretoria.		
Die Veldk.	: Die Veldkinders, Nasionale Pers Kaapstad.		
Drie V.	: Drie Vertellings, Nasionale Pers Kaapstad.		
Lind. M.	: Die Lindelose laagstuk	"	"
Jong D.	: Jong Dae: 'n Moisies-storie"	"	"
N.V.C.	: Na Vaste Gange	"	"
Cnw.	: Onweershoorte	"	"
Oorl.	: Corlovedagboek	"	"
U en T	: Uit en Tuis	"	"
A.C.V.V.	: Afrikaanse Christelike Vroue-Vereniging.		
s.j.	: sonder jaartal.		

-----